IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA /HSS

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1987-06-22

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 241

(Bladsye 12 781 - 12 842)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 22 JUNIE 1987.

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

MNR. JACOBS : U Edele, al die beskuldigdes is teenwoordig.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, ons het Vrydag geëindig waar jy getuig het oor jou antwoord wat jy gegee het aan mev. Mokati omtrent die kwessie van die kinders op die vergadering van 26 Augustus 1984. -- Ja.

Op bladsy 9 van BEWYSSTUK V31. Ek wil jou verwys daar na die eerste paragraaf waar jy daar sê "And the church itself is on the side of the oppressed and on the side of the marginalised" en dan gaan jy net 'n bietjie verder aan "Now the church as it is would like to make known to spread this message of oppression, that is happening here in this community.' Die oppressie of onderdrukking waarna jy hier verwys, is dit onder andere die huur, deel van die onderdrukking? -- Ja.

En die uitbuiting deur die busmaatskappy is dit deel van die onderdrukking? -- Ja.

Dan gaan jy ook verder en jy sê die jeugdiges se optrede regverdig jy aan die hand van sogenaamde "justice"? -- Nee, dit is nie so nie. Ek is eintlik nie duidelik met die vraag nie. Wat is eintlik die vraag oor "justice"?

HOF : Lees die sin eers voor en dan sê u wat u aflei van die sin.

MNR. JACOBS : Op dieselfde bladsy, bladsy 9 onderaan, ek sal dit so begin lees "Now the second point I would like to raise is about schools scholars. What we need to know as parents is that there are things which divide the community. There are things which do not bring unity. There are things which are not clear. Now about schools. I do not meddle in school matters. I am not a scholar, but I hope that what the

scholars/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

scholars are doing is lawful, but even if it is lawful, then justice is not done any how. Justice in this regard is that this affects all facets of life. Rent increase affects life in general." Sal u met my saamstem dat die boodskap wat jy hier oorbring is dat die skoolkinders wat die busse sou gegooi het, sou ook nie regverdige behandeling kry nie en dat dit ook deel van die onderdrukking is? -- Nee, wat ek hier sê is dat die aanval op busse met klippe is nie regverdig nie. Dit is wat ek sê.

Maar wat is dan jou verduideliking hier dat die skool-kinders - dat daar nie "justice" aan hulle gedoen sal word nie. Wat bedoel jy daarmee? -- Wat ek daar oordra is dat hulle moenie dink as hulle dinge doen buite die orde of die wet, dat dit die regte ding is wat gedoen moet word nie. Soos ek sê, regverdigheid kan nie bereik word buite die Wet nie.

Ek stel dit aan jou dit is presies die teenoorgestelde wat jy hier probeer doen. Jy probeer die kinders hier se optrede regverdig en dan daarby te voeg en dan aan die gehoor oor te dra dat hulle nie regverdige behandeling kry as hulle so optree nie? -- Nee, my boodskap hier sê dat regverdigheid kan nie op hierdie manier bereik word nie.

En ek stel dit aan jou jy koppel hierdie onregverdigheid teenoor die jeug direk aan die verhoogde huur en direk aan onderdrukking deur die busdienste? -- Nee, ek kan nie verstaan hoe u dit nou so kan stel nie. Hoe kan ek dit nou koppel aan dit as ek besig is om die kinders te vermaan oor wat hulle doen.

Ek stel dit aan jou, jy vermaan hulle nie, jy gaan verder en dan sê jy uitdruklik dat die vernietiging van die busse of die beskadiging van die busse raak jou nie en ek

sal/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sal vir jou lees op bladsy 10 daar in die middel "Secondly, it is so, I do not want to call that, it is destruction." "It is not destruction, because they are not mine. They are not what encourages the Black nation to progress. Any way we know that the VTC is in the township to exploit the people." Dan sê die gehoor "It is true." Dan gaan jy aan "Therefore, those buses are not helping us with anything. Whether they burn, I do not care. They are not mine." Jou boodskap hier aan die gehoor is baie, baie duidelik dat die verbranding of vernietiging of beskadiging van enige van daardie busse raak jou nie en jy praat dit eintlik goed? -- Net ʼn bietjie bo dit is my boodskap dat as jy iets doen wat met die gereg bots sal jy voor die Hof moet verskyn.

HOF : U moet net asseblief vir ons die sinnetjie lees waarna u verwys? -- Ek het ʼn fout gemaak. Dit is nie net voor dit wat aangehaal is deur die Staat nie, maar net na dit wat hy aangehaal het tot op die einde waar hy sê ek is die persoon wat praat. Dan lees dit daar verder - as u begin lees van die gedeelte "For in terms of the law", dan sal u daardie boodskap kry. Daar verduidelik ek dat as jy iets doen wat met die gereg bots, dan sal jy hof toe geneem word waar jy gestraf gaan word. Net bokant dit wat aangehaal is, daar waar die paragraaf begin met "Secondly, it is to", as u dit daar deeglik lees en dit ontleed, sê ek daar "it is not what encourages the Black nation to progress." Dit is nie dat ek dit goed praat nie.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan jou stel, wat jy daar van praat is dat as jy nou teen die kinders gegaan het, dan sou jy teen die eenheid gegaan het en dit is wat jy nie wil doen nie en dit is waarna jy hier verwys? -- Ek stem nie saam met u nie,

want/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

want ḿ mens sal nie van die waarheid weghou nie, wegbly omdat daar iets gebeur het wat nie die regverdigheid gehad het om plaas te vind nie. Dus, ḿ mens sal altyd in die waarheid bly al het daar iets gebeur wat eintlik nie volgens die Wet moes plaasgevind het nie.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel dat hierdie tweede aanhaling van jou waar jy verduidelik, praat jy eintlik volgens ek hierdie sinnetjie interpreteer "For in terms of the law they are able to institute what they call criminal proceedings." Dat jy dit ook nie as regverdig beskou nie. Jy verwys hier na wat iemand anders as sogenaamde "criminal proceedings" beskou? -- Die mense wat die wet en orde handhaaf is die mense wat ek na verwys hierso wat weet wat se prosedure gevolg moet word. Hulle is die mense wat dan die prosedure sal volg om jou by die hof te kry.

En in die lig hiervan, kan jy vir die Hof vertel wat - stem jy saam dat jou duidelike woorde hier is "Secondly it is so - I do not want to call that it is destruction. It is not destruction."

HOF : Nee, dit is nie wat u aan die getuie gestel het en waar hy mee saamgestem het toe u die teks verbeter het nie. U het aan hom gestel "I do not want to call it destruction. It is not destruction because it is not mine."

MNR. JACOBS : Soos die Hof dit nou gestel het aan jou, daar stel jy dit "It is not destruction". Kan jy dit vir ons verduidelik? Wat is nie vernietiging nie? -- Nee, wat ek daar sê is dat ḿ persoon kan iets vernietig of skade aan doen en sê dit is nie myne nie, bedoelende dat dit is nie die skadedoener s'n nie. Dit is wat ek sê.

HOF : Maar dit is nie wat daar staan nie. -- Wat ek sê

hierso/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hierso as u dit lees, ek sê ek wil nie sê wat gedoen word daar - dit is die boodskap - is nie vernietiging nie, omdat dit nie myne is nie.

MNR. JACOBS : Nee, as jy na die tweede deel gaan kyk daar waar jy aangaan dan ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Laat ons nou net nie verwarring hier skep nie. Daardie gedeelte "I do not want so say that it is not destruction because they are not mine" is gekorrigeer op die 22ste dink ek. Nee, nie op die 22ste nie, dit is gekorrigeer vantevore deur u na "I do not want to call it destruction. It is not destruction because it is not mine." -- Kan die Hof vir my herhaal wat die korrigering is?

Ja, die korrigering is "I do not want to call it destruction, it is not destruction, because it is not mine." -- Nou wat is die vraag daaromtrent?

Die vraag is dat dit nie klop met u antwoord nie. U antwoord is dat u gepraat het van ander mense wat so iets sê en dan sê dit is nie myne nie, maar as ek dit lees wil dit voorkom asof u dit sê dat dit u opinie is? -- Ek weet nie, maar die boodskap wat ek hier wou oorgedra het is die volgende. As ek net die sin bokant hierdie een begin lees waar dit soos volg lees "Now, this is the first thing we have to look into, namely what does the law say about that." Dit is wat ek aan die mense gesê het. Ons moet eers na die wet kyk, wat sê die wet.

Maar dit is oor die huurverhoging wat daardie sin gaan? -- Nee, dit loop saam, dit wil sê die huur en die beskadiging. Ek sê alvorens ŉ persoon enige skade doen, moet die persoon eers na die wet gaan kyk, wat sê die wet, wat is die wet daaromtrent. ŉ Mens moenie net sê al is dit vernietiging van

eiendom/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

eiendom, ek gee nie om nie, want dit is nie myne nie. Dit is wat ek probeer oordra daar.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u stel u antwoord is nou, dat u probeer om uit ŉ moeilike situasie te kom en nie die waarheid vir die Hof vertel nie. Ek wil dit aan jou stel want daardie sin wat jy die Hof na terug verwys het, handel jy spesifiek met huur en dan kom jy oor na ŉ ander onderwerp toe wanneer jy sê "Secondly." As jy ŉ bietjie vroeër begin lees "There will be no reference to apartheid ..." Kom ek vat hom ŉ bietjie "They have houses, they are under their parents' control. Now this is the law. There will be no reference to apartheid or segregation. They will say by law the rent is increased." Daar verwys u na die "law" en die "rent." "Now, with the rent increased, what does the law say in that regard? It affects people who have houses. Now this is the first thing we have to look into. What does the law say about that." Dan verwys u na die "rent increase" en glad nie na die vernietiging van die busse nie? -- Dit loop saam. Alles is daar ingesluit. Hier sê ek dat ek stem saam met mev. Mokati dat die onverantwoordelike kinders vermaan moet word. Ek sê toe verder as hulle iets doen wat met die gereg bots, dan sal hulle hof toe gaan. Daar sê ek ons moet eers kyk wat sê die wet. ŉ Mens kan nie sê hy is skuldig aan iets wat hy gedoen het omdat hy sê dit is nie vernietiging nie, want dit is nie myne nie. So ŉ persoon kan gearresteer word.

Kan u net vir die Hof wys waar sê u daar onverantwoordelike kinders moet vermaan word? -- Laat ons terugblaai na bladsy 9 toe, dan sal dit duidelik wees.

Waar gebruik jy die woorde onverantwoordelike kinders moet vermaan word? -- Waar ek sê die gereg of die regverdigheid

kan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

kan ŉ mens nie sommer maklik bereik nie. Met ander woorde, dit verduidelik dus dat ŉ onverantwoordelike persoon ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Nee, ek vra vir jou waar staan dit in hierdie stuk dat onverantwoordelike kinders vermaan moet word? Staan dit enigsins in daardie stuk? -- Ek wil u vra om te verstaan dat alles wat ek sê hierso vanaf bladsy 9 tot bladsy 10 toe, is ter ondersteuning van wat mev. Mokati sê. Ek sê in my woord daar, die boodskap is dat enigeen wat iets gaan doen wat met die gereg bots, is ŉ onverantwoordelike persoon. Dus so ŉ persoon moet vermaan word.

Ek wil dit aan jou stel dit is nie wat die boodskap is nie. In die tweede deel van hierdie deel waar jy nou hier onder aangaan, na die gehoor gesê het dit is die waarheid is jou taal baie duideliker dat dit nie gaan oor vermaning hier nie, maar daaroor dat jy dit goed praat dat busse vernietig kan word, want daar staan "Therefore those buses are not helping us with anything. Whether they burn I do not care." Dit is die verbeterde ding wat ek nou aan jou lees.

HOF : Ek het nog nooit van u verstaan dat die getuie toegegee het dat die woorde "If they say" nie in die teks is nie.

MNR. JACOBS : Dit is nie in die teks nie.

HOF : Ja, dit sê u. Die getuie het dit nooit toegegee nie.

MNR. JACOBS : Ek het dit doodgekrap, dan het ek dit net verkeerd. Ek sal dit oor lees "Therefore ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Nee, ek sê nie dat u reg is of die getuie reg is nie. U het die stelling aan die getuie gemaak toe u hom gevra het oor daardie betekenis en u het nie behoorlik op sy

antwoord/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

antwoord gewag nie, ons weet nou nog nie of die teks inderdaad sê "If they say" en of die teks nie sê "If they say" nie.

MNR. JACOBS : As ek reg onthou, dit kan wees ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ek stel nie belang in wat u reg onthou nie. U kan na die rekord kyk. U sal dit daar vind. Dus moet asseblief nie hierdie getuie gaan staan en kruisverhoor op een indruk wat u het en 'n ander indruk wat hy het nie, tot ons seker is van wat daardie betekenis presies is. U kan hom weer vra, as u wil, maar as u wil kruisverhoor op die basis dat "If they say" is nie daar nie en die getuie antwoord op die basis van "If they say" is wel daar, dan kry ons die grootste verwarring wat ons denkbaar kan - wat denkbaar kan wees.

MNR. JACOBS : Ek sal later terugkom na hierdie punt. Ek sal op hierdie stadium afstap van hom en ek sal daardie teks weer aan hom voorlê. Dan kan ons kyk of hierdie "If they say" daar staan." Mnr. Moselane, ek sal later terugkom na hierdie ding toe. Ek sal vir jou die teks bring van hierdie hele toespraak. Ek wil dan aan jou vra op hierdie spesifieke tyd, die 26ste Augustus 1984 was jy dus ten volle bewus gewees daarvan dat die skool, die jeug van die skole wel busse aangeval het op 20 Augustus 1984? -- Ek sê ek het dit te hore gekom dat skoolkinders, klein skoolkinders, nie net die gewone jeug nie, maar klein skoolkinders daarmee te doene gehad het.

MR BIZOS : My Lord, I did not want to interrupt before the answer came, the evidence was of a school. It was put in the plural in the question. I do not know whether it was intentional or not, but it is just going to lead to difficulty.

COURT : Was it put in the plural as schools?

MR BIZOS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MR BIZOS : "Skole".

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Skooljeug.

COURT : "Skoolgaande jeug" I wrote down.

MR BIZOS : "Kinders van skole."

MNR. JACOBS : Dit is skoolgaande jeug wat in ŉ businsident betrokke was waar busse beskadig was?

HOF : Die antwoord is ja.

MNR. JACOBS : En jy het dit ook al geweet voor 26 Augustus 1984? -- Ja, ek het dit te hore gekom, het ek gesê, dat dit so gebeur het met die skoolkinders. Volgens my inligting was dit ŉ geringe ding dat kinders die busse met klippe bestook het, maar dit het nie veroorsaak dat die busse van die woonbuurt onttrek moet word nie.

HOF : Is die antwoord ja of is die antwoord nie ja nie? -- Ek het gesê ja, en dit toe gekwalifiseer.

Dit hoef nie gekwalifiseer te wees nie. Die enigste vraag was of u dit geweet het voor 26 Augustus. Die antwoord is ja. As u elke keer van die vraag afwyk en ŉ klomp ander dinge ingooi, dan word daar daarop ook weer ŉ klomp vrae gevra en dan gaan ons nooit klaarkry met hierdie saak nie.

MNR. JACOBS : Toe jy jou samesprekings met majoor Steyn, destyds kaptein Steyn, gevoer het, het hierdie businsident in daardie samesprekings ter sprake gekom? -- Ja. Hy het dit net geraak in sy onderhoud.

Het jy enigiets aan kaptein - ek sal hom noem kaptein Steyn vir doeleindes van die kruisondervraging - Steyn enigiets gesê omtrent hierdie businsident van 20 Augustus 1984? -- Ja.

Wat het jy vir hom gesê wat weet jy van die businsident? -- Dat dit nie te doene het met ons vergadering nie.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het jy vir hom enigiets gesê of jy iets weet van hierdie businsident? --Nee, ek het net aan hom gesê dit het niks met ons te doene nie.

Op die vergadering het jy vir kaptein Steyn enigsins gesê oor die organisering van die vergadering van die 19de, of jy enigiets daarmee te doen gehad het? -- Ja.

Wat het jy vir hom gesê? -- Wat ek aan hom gesê het was dat die vorige week by 'n ander vergadering was daar 'n ooreenkoms gewees dat hierdie vergadering, verwysende na die 19de se vergadering, gehou sal word.

Het jy aan hom gesê dat jy het niks te doene gehad met die organisering van die vergadering van die 19de nie? -- Ja.

Dat jy niks te doen gehad het met die organisering daarvan nie? -- Wat ek onthou is dat ek aan hom gesê het dat ek deel gehad het aan daardie vergadering.

Se organisering? -- Ja.

Jy sien, as iemand sou beweer dat jy gesê het aan mnr. Steyn dat jy weet niks van die businsident van 20 Augustus nie, is dit nie die waarheid nie? -- Dit is die waarheid dat ek geen kennis gehad het nie.

Maar hier het jy dan nou heelwat kennis vir die Hof van vertel wat jy gehad het? -- Ek praat van die kennis wat ek gekry het as gevolg van wat ek gehoor het. Nie persoonlike kennis wat ek opgedoen het terwyl ek daar was nie.

En as iemand sou sê dat jy het vir kaptein Steyn gesê dat jy het niks te doene gehad met enige vergadering wat op die 19de by jou kerk sou plaasgevind het nie, dan is dit ook nie die waarheid nie? -- Ek verstaan nou nie. Wat sê u nou?

HOF : Die vraag is baie duidelik. As iemand vertel dat jy aan kaptein Steyn gesê het jy het niks te doen met enige

vergadering/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergadering op 19 Augustus by jou kerk nie, is dit waar of is dit nie waar nie? -- Dit is die waarheid.

MNR. JACOBS : Het jy niks te doene gehad met daardie vergadering van die 19de wat in jou kerk gehou is nie? -- Toe ek gesê het ja, het ek gesê ja, omdat dit besluit was deur die gehoor by die vorige vergadering dat daar ʼn vergadering gehou moet word op hierdie datum. Dit was nie my voorstel gewees dat daar ʼn vergadering moet wees op die 19de nie. Dit is hoekom ek so sê.

Nou verstaan ek jou getuienis glad nie. Het jy nie vir die Hof gesê jy beplan ʼn vergadering vir die 12de Augustus 1984 en dat daar nog ʼn verdere vergadering op die 19de gehou moes word sodat daar verslag gedoen kon word nie? -- Ek het die eerste vergadering voorberei en georganiseer en reëlings daarvoor getref. By hierdie vergadering was dit besluit deur die mense daar teenwoordig, die gehoor, na aanleiding van wat ondersoek moes geword het dat daar nog ʼn vergadering gehou moet word op die 19de. Ek het dus saamgestem met die voorstel.

Vir die vergadering van die 19de, het jy nie ʼn gasspreker gaan nooi vir daardie vergadering nie? -- Dit is ek wat dit gedoen het.

Het jy nie gegaan en die agenda gereël vir daardie vergadering van die 19de nie? -- Dit is ek.

Het jy nie gegaan en gereël wie sal die voorsitter wees van daardie vergadering van die 19de nie? -- Ja, dit is ek, maar wat u moet weet is, as dit nie die mense was, dit wil sê die gehoor wat voorgestel het daar moet ʼn vergadering gehou word nie, sou daardie vergadering nie daar plaasgevind het nie.

Het jy nie self op die vergadering van die 19de ook

gepraat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gepraat nie? -- Praat? Hoe?

ŉ Toespraak gelewer of die gehoor toegespreek daar nie? -- Ek het by hierdie vergadering gepraat.

Jy sien, ek wil die volgende aan jou lees wat voorkom in Volume 4 bladsy 226. Die volgende was gestel gewees. Ek wil lees onder die opskrif "Re-cross-examination by Mr Bizos. "In verband met die gebeurtenis van die 20ste. Daar was op een of ander plek sekere geweld gepleeg op die 20ste. - Dit is korrek." "Waarvan u in u getuienis ook melding gemaak het? - Dit is korrek." Dan kom die volgende stelling "Dit is beide die akte van beskuldiging in die saak. Dit is hoekom ek nie oorspronklik vrae daaroor gestel het nie, maar ek wil dit aan u stel dat die beskuldigde aan u gesê het dat hy niks weet van die geweld van die 20ste nie en dat hy niks te doene gehad het met enige vergadering wat op die 19de by sy kerk sou plaasgevind het nie." Dan ŉ volgende stelling nog weer na die antwoord "Maar u kan dit nie ontken nie?"

MR BIZOS : May I just interrupt here. I have reason to believe that either my question was not correctly recorded or a serious mistake was made because Your Lordship will recall that I did put throughout the participation of this witness at the meeting of the 19th and these were my instructions right from the beginning. It looks to me as if it - possibly what I said or what I ought to have said "Die 20ste nie en dat dit niks te doene gehad het met enige vergadering wat op die" that would have been in accordance with my instructions.

COURT : I will look it up in my notes. I have not got that particular note here, but in any event, what is put here is exactly in accordance with what the witness now tells us

in/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

in court. So, it is not so improbable that you have it correct here.

MR BIZOS : No, with the greatest respect, I want to give Your Lordship the assurance that I had instructions right from the outset that this witness was at the meeting of the 19th, invited Mr Manthata and that is what I put right through this case. Perhaps Your Lordship's notes will persuade you. I remember - what I ought to have put and what I do believe I put "en dit het", that is the violence had nothing to do with the meeting of the 19th. This is what I intended to have put. I am saying it ex parte for what it is worth. I hope that Your Lordship's notes and the record will bear me out.

COURT : It will be easy to ascertain that. I think we will take a short adjournment to sort this out.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

COURT : It would appear that the record is correct. My note is the following - it is very cryptic "Mnr. Bizos: Op 20ste was ook geweld gepleeg buite die akte van beskuldiging. Stel (so you put it) nr. 3 het gesê hy weet nie van die geweld op die 20ste en het niks te doen met vergadering op 19de." The answer was "Onthou nie en ontken nie." So, I think we must take it that the record is in accordance with my notes.

MR BIZOS : Thank you. I would interpret Your Lordship's note is capable of both versions.

COURT : It might be.

MR BIZOS : And also, although I do not purport to speak Afrikaans with the fluency that one ought to, the word "sou"

that/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

that I used having regard to the fact that it was common cause that there was a meeting of the 19th also strengthens me in my reconstruction of the matter.

COURT : Very well, Mr Bizos. I think this is a matter that should be raised in argument and not at this stage when the witness is being cross-examined.

MR BIZOS : I thought that he had finished on it.

COURT : But we cannot take it any further. I have read you my note.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, ek wil dit verder aan u stel dat u het hierdie onwaarheid aan mnr. Steyn vertel daarso omdat u uself in die oë van die polisie wou gevrywaar het daarso? -- Ek stem nie saam met die stelling nie.

Jy het nou-nou gesê dit is die waarheid toe ek dit aan jou gestel het dat jy het vir majoor Steyn gesê dat jy het niks te doen gehad met die organisasie van hierdie vergadering nie? En dat u aan hom gesê het ook u weet niks van die geweld op die 20ste nie. Is dit korrek? -- Ek wou net geantwoord het, toe het u voortgegaan om iets anders te sê. Wat was die eerste vraag gewees? Kyk, u het nou twee vrae gevra.

Ek vra een vraag met twee dele. Ek sê u het in hierdie getuienis ŉ rukkie terug op vrae van my gesê dat u het vir majoor Steyn - kaptein Steyn gesê dat u het nie deel gehad aan die organisasie van die vergadering van die 19de nie? Die tweede deel wat ek byvoeg en u het ook vir kaptein Steyn gesê dit is korrek, u het vir hom gesê u het niks geweet van die geweld op 20 Augustus 1984 nie? -- My antwoord daarop is ja.

Dan wil ek dit aan u stel ... -- Die voorbereidings

vir/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vir die vergadering van die 19de is nie presies dieselfde soos die voorbereidings vir die vergadering van die 12de nie. Dit is hoekom ek sê dat ek geen rol gespeel het in die organisering daarvan nie, maar ek het wel iets te doene gehad met die vergadering oor wat ek gedoen het daar. Wat die gebeure op 20 Augustus 1984 betref, het ek nie van geweet nie. Dit wil sê ek het nie 'n persoonlike kennis daarvan gehad nie. Al wat ek van geweet het is dit wat ek van gehoor het.

So, in beide gevalle was dit nie die waarheid wat u aan mnr. Steyn daar vertel het nie? -- Ek het hom die waarheid vertel.

En ek wil dit aan jou stel, die rede hoekom jy die leuens aan mnr. Steyn daar vertel het dat jy nie kennis dra nie en dat jy niks te doene gehad het met die vergadering nie, is omdat jy geweet het in die eerste instansie dat die skole, daardie onluste, daardie moeilikhede wat daar ontstaan het, het ontstaan as gevolg van huur en is 'n uitvloeisel van die vergadering van die 19de?

HOF : Praat u van skole of van skoliere?

MNR. JACOBS : Deur die skoolkinders, skooljeug. Maak dit skoolkinders? -- Dit is nie die waarheid nie, want ek het hier vir die Hof vertel wat die ouderdomme van die kinders was wat in hierdie voorval betrokke was en tweedens, die vergadering van ons van die 19de, was daar nie kinders in die gehoor gewees nie.

En dan die ander een hoekom jy hierdie leuen vertel stel ek dit aan jou is omdat die polisie vir jou gesê het hulle het kennis gedra van die geweld wat aangemoedig was op die vergadering van die 19de en daarom het jy jou gedistansieer

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van daardie vergadering? -- Ek stem nie saam met u nie, want ek het alreeds vir die Hof gesê geen melding was gemaak van geweld by hierdie vergadering nie. Ek het selfs aan kaptein Steyn gesê dat daar geen melding gemaak was van geweld by hierdie vergadering nie.

Kan jy dan vir die Hof sê terwyl jy geweet het dat daarso moeilikheid was op 20 Augustus en terwyl jy deel gehad het aan hierdie vergadering se organisasie, het jy hierdie leuens aan mnr. Steyn vertel? -- Ek het nie leuens aan hom vertel nie. Ek het hom die waarheid vertel dat ek nie die gebeure van die 20ste by die vergadering van die 19de bybring nie.

Hoekom het u dan nie vir hom gesê "Kyk, ek het gehoor van die kinders se moeilikheid, ek het deelgeneem aan daardie vergadering van die 19de" nie? -- Ek het aan hom gesê dat niks gesê was by hierdie vergadering aangaande die geweld nie en ek het die vraag geantwoord oor wat op die 20ste gebeur het.

Nee, my vraag gaan nie oor wat op die vergadering gesê is nie ... (Mr Bizos intervenes)

<u>MR BIZOS</u> : I am sorry that I have to return, because My Learned Friend is using strong language, that the witness instructed his counsel to put a lie to his "betrokkenheid" at the meeting of the 19th. May I with the greatest respect refer Your Lordship to 218 of the record where I actually put to Captain Steyn what accused no. 19 said to him in relation to another matter, which very clearly makes it abundantly clear that I am putting to him that accused no. 3 - if Your Lordship looks at it "Kan u onthou dat toe die beskuldigde ontken het dat daar enige melding van geweld was op die 19de dat hy gesê het as daar enige melding van geweld in my kerk

gemaak/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gemaak was, sou ek dit gestop het ... kan u dit onthou? - Ek kan dit nie onthou nie." "Is u nie in staat om dit te ontken nie? - Ek is nie in staat om dit te ontken nie." There are other passages which I can find here which make it quite clear that it was put and it has always been the case that he was there. It has been elevated into a deliberate untruth and I submit, reading the record as a whole, he can put to him that he was wrong, that he gave the wrong instruction, but to put such strong language on a portion the correctness of which is of some little doubt at this stage and where the rest of the record says that he was there and it has been common cause throughout this case in our respectful submission. It is not correct to put to this witness that he deliberately lied. Or that he allowed a deliberate lie to be put.

MNR. JACOBS : As my geheue korrek is het ek nie aan hierdie getuie gestel dat hy ŉ doelbewuste leuen aan sy regsverteenwoordiger vertel het nie. Ek het teruggegaan met hom na mnr. Bizos se eerste beswaar en ek het hom gevra wat hy hier in die hof gestel het en ek stel dit aan hom nie op wat daar gestel was aan die getuie nie, maar op wat hy hier erken het wat nie die waarheid kan wees nie. Dit stel ek vir hom is leuens, dat hy ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Het u al gehoor van ŉ liedjie met die naam van "Op my ou Ramkiekie"?

MNR. JACOBS : Ja.

HOF : Nou ja, gaan aan.

MNR. JACOBS : In hierdie hof het jy reeds getuig dat jy het nie kennis gedra dat daar gaan ŉ opmars wees op 3 September nie, ten minste nie voor 3 September nie. Is dit korrek?

Ja/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Ja, dit is wat ek gesê het.

En hou u by daardie getuienis dat u het glad nie kennis gedra voor 3 September dat daar gaan 'n opmars wees nie? -- Ja, maar soos ek sê, toe ek genooi was om na kaptein Steyn se kantoor toe te gaan, hy, wat Steyn is, het iets gesê oor wat moontlik kan gebeur op die 3de.

Ek wil nou duidelikheid hê by jou. Was dit net die "stay-away" ter sprake of was die opmars ter sprake? -- Waar nou? Saam met Steyn of waar?

Ja. -- Hy het melding daarvan gemaak asof dit lyk dat mense bymekaar sal kom en dan na die kantore van die Munisipaliteit toe gaan. Dus sal hulle, dit wil sê Steyn en die ander, verplig wees om iets te doen.

So, verstaan ek dan nou duidelik dat daar by mnr. Steyn is daar melding gemaak van die opmars op die 3de en dat hierdie ander getuienis dat jy voor die 3de nooit daarvan gehoor het nie, was dan eintlik nie korrek nie? -- Ek het mos vir die Hof gesê dat ek nie kennis daarvan gehad het nie en tot watter datum dit was.

HOF : Nou word dit aan u gestel dat wat u vir die Hof gesê het nie waar is nie. Wat sê u nou daarvan? -- Ek sê wat ek hier vertel is die waarheid.

MNR. JACOBS : Sal u met my saamstem dat u het kennis gedra dat daar gaan moeilikheid kom na al hierdie vergaderings wat daar in die Vaal gehou was? -- Dit is nie die waarheid nie. Daar was niks wat ons gedoen het by ons vergadering wat 'n aanduiding kon gewees het dat daar moeilikheid later gaan kom na aanleiding van die vergaderings nie.

En dat die moeilikheid wat daar gaan kom gaan die raadslede van Lekoa direk tref. Ek stel dit so aan jou? -- Dit

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is nie die waarheid nie.

Toe die raadslede op die, soos jy sê, 28ste van Augustus 1984 na jou huis toe gekom het in groot getalle, het hulle met 'n rede soontoe gekom. Is dit reg? -- Ja.

En die rede was dat hulle het gevrees vir hulle lewe en vir hulle eiendom? -- Dit is nie die waarheid nie. Hulle het daar vir my kom dreig en wat u nou aan my stel is nie die waarheid nie, want selfs op die 3de was die mense nog by die huise wat hulle bewoon het.

En is dit nie so nie dat die mense, toe hulle daar by jou gekom het en jou gedreig het, het hulle gesê hulle dreig jou omdat daar op die vergaderings wat gehou was teen hulle geaggiteer word en dat hulle - dat daar moeilikheid gaan kom en dat mense se lewens op die spel gaan wees? -- Nee, dit is nie korrek dat hulle gesê het dat daar teen hulle geaggiteer was by die vergaderings nie. Wat hulle gesê het was dat ek mense se lewens in die moeilikheid bring.

HOF : Bedoel u in gevaar bring? -- Dit is hoe ek dit verstaan, ja,

Maar nou hoe het u verstaan bedoel hulle bring u mense se lewens in gevaar? -- Ek het nie verstaan hoe hulle dit bedoel het nie, want hulle het my nie eers kans gegee om daarop te antwoord nie.

MNR. JACOBS : Het hulle nie gesê hoe nie? -- Nee.

Presies wat het hulle gesê daar, wat kom maak hulle daar? -- Hulle het nie vir my spesifiek gesê wat hulle daar kom doen het nie. Al wat hulle gedoen het is hulle het net daar ingekom en toe daar 'n taal gepraat wat nie aanvaar is nie en toe begin vloek.

Is dit al wat hulle gedoen het? Ingekom het en toe

gevloek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gevloek het? -- Wil u hê ek moet presies beskryf hoe hulle daar gekom het, hoe ek die deur oopgemaak het vir hulle? --

Ek het gevra wat het hulle daar gesê? -- Wat hulle aan my gesê het was, as ek nou van plan is om te baklei, is hulle in staat om met my te baklei. Ek het alreeds vir die Hof gesê dat Motjeana het hier gesê hy is self ʼn tsotsi en hy kan enige ding met my doen. Dat Mpondo gesê het dat ek aangehou kan word en ek kan ook uit Sharpeville gesit word. Ook baie ander dreigemente wat hulle gemaak het gemik op my en my gesin.

En omtrent mense wie se lewens in gevaar gestel word, wat se aantygings het hulle daaroor aan jou gemaak? Presies wat het hulle gesê? -- Wat ek sê is, hulle het net aanmekaar gepraat. Daar was nie vir my tyd om daarop te antwoord nie.

Ek weet nie hoekom jy altyd terugkom op die storietjie dat hulle het jou nie kans gegee om te praat nie. Ek vra nie wat jy gepraat het nie. Ek vra vir jou wat se aantygings hulle teen jou gemaak het? Kan jy dit gee of kan jy dit nie gee nie of kan jy nie onthou dat hulle jou beskuldig het van enigiets nie? -- Ek sê dit is wat hulle gesê het. Ek weet nie hoe kan ʼn mens antwoord op dit wat ʼn mens sê in ʼn verklaring nie.

<u>HOF</u> : Nee, nee, kyk, daar is ʼn klomp dreigemente teen u geopper. Dit het u vir ons vertel, maar watter beskuldiging is teen u ingebring? -- Ek kan nie so goed onthou nie, maar hulle was nie spesifiek in dit wat hulle gesê het wat die beskuldigings is teen my nie.

<u>MNR. JACOBS</u> : Was daar enige beskuldigings gewees dat hulle enigiemand sou beïnvloed het hulle huise te brand? Dat jy iemand sou beïnvloed het om hulle huise te brand? -- Ek

kan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

kan nie onthou nie.

Hoekom nie? Dit is mos iets belangrik. Dit gaan mos hier oor die verbranding van eiendom? -- Indien dit gesê was sou ek daarvan geweet het, want ek sal u sê, die mense het nie normaal gepraat nie. Dit was net deurmekaar gewees.

As jy sê jy sou daarvan geweet het, sê jy dan hulle het dit nie gesê nie? -- Ek kan nie so goed onthou nie.

Het hulle daar enige aantygings teen jou gemaak dat jy skoolkinders intimideer om nie klasse by te woon nie? -- Nee, daar was nie so iets daar gesê nie.

Jy sê jy het 'n klagte agterna gaan lê by die polisie? -- Ja.

Het jy 'n verklaring afgelê? -- Ja.

En die verklaring wil ek aan jou stel het jy onder eed afgelê, jy het nie verklaar nie? -- Ek onthou nie dat ek die eed geneem het nie. -- Kyk, ek het 'n verklaring gemaak, maar die persoon aan wie ek 'n verklaring gemaak het het gesê hierdie waarvan ek praat is iets spesiaal. Dit moet 'n spesiale nommer toegeken word, dit wil sê dit moet iewers ingeskryf word met 'n verwysingsnommer.

MR BIZOS : My Lord, I want to place on record that both in writing and telephonically we asked for this statement over and over again and it was never made available to us.

MNR. JACOBS : Die verklaring wat nou ingaan is 'n verklaring wat gemaak is in 'n dossier nadat die beskuldigde gesê het hy het 'n klagte gelê. Die verklaring wat mnr. Bizos gevra het was 'n verklaring op grond, toe die beskuldigdes gearresteer was en of hulle toe 'n verklaring gemaak het en wat toe gegee was.

MR BIZOS : I specifically asked for this statement. It

does/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

does not matter. My Learned Friend can use it.

MNR. JACOBS : Hierdie verklaring wat ek nou hier het, die eerste keer het dit ter sprake gekom nadat die getuie getuienis in die hof gegee het - het dit eers tot die Staat se kennis gekom dat daar so ɦ dossier geopen sou gewees het en dat daar so ɦ klagte gelê sou gewees het. Toe is dit aangevra.

K781 HOF : Gaan voort. Daar is nie ɦ beswaar teen die gebruik van die verklaring nie.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u stel dat u het ɦ beëdigde verklaring gemaak wat u geteken het toe u u klagte gelê het?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Aanhangig gemaak?

MNR. JACOBS : Aanhangig gemaak? -- Ek erken dat ek wel ɦ verklaring geteken het, maar ek verstaan nou nie wat die vraag is nie. Is die vraag nou dat ek die eed geneem het?

Dit was die stelling aan u dat u die eed geneem het en geteken het? -- Wat vir my gevra was was of ek die waarheid vertel. Ek het gesê ja, ek praat die waarheid. Die persoon het toe daar geskryf en as ɦ mens praat van die eed, dat ɦ persoon die eed geneem het, die eed by my beteken dat ɦ mens sy regterhand opsteek en dan die eed neem.

En ek stel aan jou dit is wat gebeur het? -- Nee, dit is nie die waarheid nie. Ek neem nie ɦ eed nie.

En ek wil dit verder aan jou stel dat hierdie verklaring was weer aan jou oorgelees gewees nadat dit neergeskryf was en jy was tevrede met die verklaring? -- Ja,. dit was aan my oorgelees na ek vertel het van wat daar gebeur het.

Ek gaan die verklaring uitlees en dan kan jy net vir ons sê of dit reg is soos jy hom gemaak het.

HOF : Wil u nie net aan die getuie sy handtekening toon

dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat ons seker maak dit is sy verklaring waarmee ons besig is nie.

MNR. JACOBS : Kan jy net kyk onderaan die verklaring op bladsy - ek sal dit maar noem die bruin bladsye, is dit jou handtekening wat daar verskyn en ook bo-aan die geskrewe bladsy, die volgende bladsy? -- Ja, beide plekke verskyn my handtekening.

Ek gaan aan jou lees die verklaring. Ek begin aan die begin. "I am adult Black male residing as shown above and I am a religious minister at Anglican Church in Sharpeville." Is dit korrek, het jy so gesê? -- Ja.

"On Tuesday, 28/8/84 at about 21h00 I arrived at my residential place." Het jy so gesê? Is dit reg? -- Ja.

"I noticed a group of people in my yard." Is dit korrek? -- Ja.

"I was in the company of Black male Ramosuwe." Is dit korrek? -- Ja.

"I then stopped the car in my yard and drove it into the garage." Is dit korrek? -- Ja.

"I requested my passenger, Black male Ramosuwe to alight with me as to ask the people in the yard what they wanted." -- Ja.

"Amongst the group I recognised E. Mahlatsi, Shale and Mphulenyane." Is dit korrek? -- Ja.

"I asked them whether I could help them." -- Ja.

"They were about twenty in number". -- Ja.

"They told me that they wanted to talk to me and we entered the house." -- Ja.

"I was then accused of influencing school children to boycott classes." -- Ja.

"And/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

"And to burn their houses." -- Ja, ek hoor dit.

"And that I was seen in the vicinity of Bophelong on the Saturday." -- Ja.

"I was at Sebokeng." -- Nee, ek het nie so gesê nie. Dit is ŉ fout.

HOF : Wat het u nie gesê nie? -- Daar het ek aan die skrywer gesê dat ek nie in Sebokeng was nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : In Bophelong was nie.

HOF : Kyk, dit gaan "I was seen in the vicinity of Bophelong on the Saturday. I was at Sebokeng." -- Nee, die fout is hier. Die beskuldiging is dat ek te Bophelong gesien was deur hulle en ook te Sebokeng. Nou sê ek dat ek was nie daar nie.

Met ander woorde, sê u dat die beskuldiging was en dit moes so neergeskryf gewees het dat u by Bophelong gesien is en dat u ook by Sebokeng gesien is en u sê nou u was nie daar nie? -- Ja.

MNR. JACOBS : Dan gaan dit verder omtrent Sebokeng "And that they were with security members when I was at Sebokeng." -- Ja, dit is wat ek vertel het.

Verder sê jy "I was accused of many things which I do not know." -- Ja.

"Others accused me to be an active member of UDF." -- Ja, dit is wat ek gesê het.

"I was unable to answer or say anything to them, because they were all shouting at me." -- Ja.

"Black Mahlatsi even in the long run told me that he is going to kill me." -- As die Black in die sin is dat dit ŉ beskrywing van Swartman is, dan is dit korrek.

HOF : Die vraag is of u so vir die polisieman gesê het

"Black/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

"Black Mahlatsi het my gedreig"? -- Wat ek daar bedoel het, was dat ŉ Swartman Mahlatsi, nie dat Black gebruik is as die naam van ŉ persoon nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is nie ŉ bynaam nie, nè? -- Nee, ek weet nie daarvan nie. Ek weet nie wat sy name is nie.

MNR. JACOBS : Maar die woord wat dan gebruik word as beskrywend as ŉ Swartman "Black Mahlatsi even in the long run told me that he is going to kill me", het jy dit aan die verklaarder gesê? -- Ek het gesê Mahlatsi, maar as hulle dit nou daar skryf gee hulle dit as ŉ beskrywing van Mahlatsi, naamlik ŉ Swartman.

"Other were insulting my wife." -- Ja.

"Few minutes Mahlatsi and his company left my place" -- Ja.

"I do not know why I was pestered." -- Ja.

"I therefore desire police investigation and prosecution in this case." -- Ja.

"I know and understand the contents of this declaration." -- Ja.

"And I have no objection to taking the" dan eindig hierdie bladsy hier en daar verskyn jou handtekening net onder dit. Dan gaan dit aan "The prescribed oath ." -- Ja, ek hoor u lees dit daar. Ek kan dit verduidelik. Wil u hê ek moet verduidelik?

Nee, ek wil net hoor, is dit so soos dit hier staan? -- Ja, na u klaar is sal ek verduidelik daar.

Dan gaan dit verder aan "I consider the prescribed oath to be binding on my conscience." -- Ja, ek sal dit later verduidelik.

Dan verskyn jou handtekening en dan vervolg dit "The

above/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

above statement obtained by me" en dan word die naam van die polisieman - dit lyk vir my na Dipitso, dit is 'n konstabel van Sharpeville op 29/8/84. Dan is dit die amptelike stempel waar die polisiebeampte teken. "I certify that the" die Engelse deel is 'n bietjie ge"blur", ek sal die Afrikaanse deel net lees, maar op die Engelse gedeelte is dit uitgeskrap dat hy die eed neem en nie verklaar nie. Ek sal die Afrikaanse sertifikaat lees. "Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy/sy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is beëdig/bevestig voor my en verklaarder se handtekening/duimafdruk/merk is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

HOF : Kan ek net sien wat is doodgetrek? Op die stempel wat dof is, ek dink as 'n mens dit kan lees staan daar "I certify that the deponent has acknowledged that he/she" die "she" is doodgetrek "knows and understands the contents of this declaration which was sworn to/affirmed" die "affirmed" is doodgetrek "before me and the deponent's signature/thumb print" die "thumb print" is doodgetrek "/mark", die "mark" is doodgetrek "was" ek aanvaar dit is "appended" , maar ek kan dit nie lees nie "hereto in my presence" en dan is dit onderteken deur Moiloa Johannes Dipitso."

MNR. JACOBS : U erken dan dit is die verklaring wat ek nou aan u uitgelees het wat u onder eed gemaak het voor konstabel Dipitso? -- Ja, maar ek wil verduidelik wat gebeur het daar by die polisie.

HOF : Ja? -- Soos ek alreeds vroeër gesê het, ek het nooit weer 'n eed geneem na ek "ordained" was nie. Ek het dit oorgedra aan die polisie en die polisieman sê toe vir my "Ja, dit is reg, goed, ons aanvaar dit so, maar kyk, ons

sal/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sal net hier skryf soos die Wet dit omskryf. Ons moet dit maar so skryf. Op die verduideliking wat ek aan hom oorgedra het het hy gesê dat hy is gestuur om dit uit te voer, naamlik die verklaring te skryf. So, toe ek vir hom gesê het dat ek nie die eed neem nie, het hy gesê dat hy sal aanvaar dat hy die eed geneem het sonder dat ek my hand opgelig het die eed te neem.

Ek wil dit aan jou stel dit is net so wettig ook en die polisiebeampte sou dit ook vir jou gesê het dat jy kon net verklaar om die waarheid te praat en jou gewaarsku het en dit sou nie iets anders gewees het nie en daarom stel ek dit aan jou jy het die eed geneem daarso? -- Ek stem nie saam met u nie. Ek het nie 'n eed geneem nie. Ek het aan daardie skrywer verduidelik wat my posisie is.

In elk geval, kom ons gaan aan met die ding. Stem jy saam dat in hierdie beëdigde verklaring meld jy daarvan dat die raadslede toe hulle daar by jou gekom het het hulle die bewering gemaak dat op die vergaderings word daar opsweping gedoen van die jeug om nie klasse by te woon nie en veral ook om die raadslede se eiendomme te verbrand? -- Ek het vertel wat hulle by my huis gesê het.

En ek wil dit aan jou stel dit is die gedagte of die boodskap wat in omloop was daar in die Vaaldriehoek op daardie stadium en daarom het hierdie mense uit vrees uit na jou toe gekom omdat jy aandeel gehad het aan die vergaderings waar hierdie ding verkondig is? -- Nee, as dit miskien samesprekings was waarvoor hulle daar gekom het, dan het ons gesit en daaroor gepraat, maar hulle het daar in 'n groot getal gekom om my te dreig. Hulle het my nie eers kans gegee om te antwoord op hierdie aantygings wat hulle gemaak het nie.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En ek stel dit aan jou ook nog verder dat dit is die persepsie wat daar in die Vaal geheers het op daardie stadium dat daar gaan aksie geneem word teen die raadslede oor die verhoogde huur? -- Ek het nie daardie kennis nie. Wat my gestel word is nie die waarheid nie, want selfs hierdie raadslede het maar by die huise gaan slaap sonder enigiets wat gebeur het. Daar was geen dreigemente hoegenaamd nie.

Sê jy hulle het by hulle huise geslaap sonder dat enigiets gebeur het? Het daar niks gebeur op 3 September nie? -- Nee, dit is nie wat ek sê nie. Daar is wel iets wat plaasgevind het op die 3de, maar wat ek sê is dat die dag van die 28ste na hulle by my huis was, het hulle teruggekeer na die huise toe wat hulle bewoon het en tot en met die 3de was daar niks gewees wat gebeur het nie.

MR BIZOS : I do not know whether Your Lordship's remark to My Learned Friend was fully understood by me in relation to the previous matter, but be that as it may ... (Court intervenes)

COURT : Which remark?

MR BIZOS : About the wording of some song. But be that as it may ... (Court intervenes)

COURT : If you did not understand it, it means do not be tedious.

MR BIZOS : I may have misunderstood. Then I did misunderstand. May I refer Your Lordship to page 215 which makes it quite clear of what must have been meant on the later page.

COURT : You will remember that long ago I warned counsel that I do not want to have a debate about the correctness of the record later on and now we are picking up this sort of

trouble/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

trouble. It is counsel's duty and especially attorneys' duty to keep their own record and then check the official record. I know one slips, but we know the way you put your case all along and that the 19th was included.

MR BIZOS : Yes, but here specifically shortly before Your Lordship will see page 215 that - line 15 to 28. "Die beskuldigde sal erken dat u wel aan hom gestel het dat u inligting het of gehad het dat daar melding was van geweld op die vergadering van die 19de ... maar dat hy onmiddellik aan u gesê het dat hy daar was en dit was nie so nie. Wat sê u daarvan? - Ek kan my herinner dat die beskuldigde gesê het dat hy nie bewus was dat daar enige geweldpleging gepleeg was op die vergadering nie." "Is u in staat om te erken of te ontken dat hy gesê het 'Ek was daar en ek weet dat daar nie geweld gepleeg is op die 19de nie.' Is u in staat om daardie stelling te ontken? - Ek kan nie daardie stelling ontken nie." So, that, I am sorry if I show undue sensitivity of putting wrong information before the Court and it may be that I am making too much fuss - in order to show that I am consistent, but I am concerned that I do not put wrong information before the Court.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

MR BIZOS : My Lord, I have an application to make, that the docket and its contents a portion of which was put to the witness should be handed over to Your Lordship's registrar for the purposes of our inspection and I wish to place on record the following in support of that application. Our attorneys visited the police station as part of the

preparation/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

preparation of our case and asked for accused no. 3's statement and also for proper identification of the docket so that a subpoena duces tecum can be issued and we were told that this docket was no where to be found. We then decided that no useful purpose would be served in issuing a subpoena duces tecum, except in the assurances that were given to our instructing attorneys. We do not want to issue a subpoena duces tecum now either on anyone in court because that would really be a situation which is unnecessary, but I submit that this is a situation, almost two and a half years after the happening of an event, where there is a docket in which there are statements and an investigation diary which I have seen and I was then told I must not look by Mr Jacobs. I must only look at the accused's statement. It took me by surprise, I have not got the authorities here, but it is a matter which is fairly clear and within Your Lordship's trial experience that once there has been a docket opened two or three years before and by the time we come to the case for compensation or something like that, either a prosecution has taken place or a prosecution has not taken place and the matter has become stale, we have the situation that a subpoena duces tecum is issued, the officer comes along and he has got instructions from his superior officer not to hand it over without the permission of the court and he takes a half-hearted objection on privilege and then he is ordered to hand over the document to the Registrar.

COURT : But now, what is the relevance of the docket to me apart from the statement as such or to you?

MR BIZOS : To me - there are two aspects (power failure)

K782 That is the first purpose. The second purpose and I am



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

fortified in this feeling in view of the reluctance to hand it over to me, that some of the people who have already given evidence may have suffered equally from bad memory as My Learned Friend may suggest that this witness is suffering. So, that it is one of the ordinary procedures and I submit with the greatest respect that having been kept out of the docket initially and some point having been scored, I think that the ordinary procedure should follow and we should be given this docket so that we could go through it for our own purposes.

MNR. JACOBS : Ek maak beswaar. Ek is bereid om die verklaring wat die beskuldigde gemaak het aan die verdediging beskikbaar te stel, maar ek maak beswaar dat die hele dossier aan die verdediging geopenbaar word op twee gronde. Dit is irrelevant wat die res van die dossier en die polisie-ondersoek daarin aanbetref en dit is ook geprivilegeerd wat dit aanbetref. My Geleerde Vriend is nie geregtig daarop nie, met alle respek. Dit het gegaan hier oor ŉ blote verklaring wat die beskuldigde gemaak het. Dit is nie in geskil of enigiets anders gebeur het nie, maar bloot die verklaring wat hy gemaak het is in geskil in hierdie saak. So, ek opponeer sy aansoek op hierdie basis. Ek het ook nie die gesag nou voor my nie, want ek het nie verwag dit sal ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wel, ek dink u moet albei maar die gesag gaan soek en dan kan u dit maar môreoggend vir my voorlê. Ek sal die saak môreoggend aanhoor. Gaan maar voort met die kruisondervraging.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, ek wil dit verder aan u stel dat op daardie stadium in die

Vaal/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Vaal was daar toe alreeds die geval gewees dat op 20 Augustus was daar onluste waar die skoolkinders in betrokke was as gevolg van vergaderings en die huur wat verhoog was en waar busse aangeval was en daarvan het jy kennis gedra? -- Ek het nie ȵ persoonlike kennis hiervan gehad nie. Dit is net dinge wat ek gehoor het en tweedens, die voorval wat na verwys word van die 20ste is ȵ gebeure wat vir ȵ kort tydjie plaasgevind het. Dit was nie ȵ voorval wat lank geduur het nie. Tydens hierdie voorval was die mense nie tuis gewees nie, hulle was werk toe. Dit is as ȵ mens ȵ beskrywing moet gee van die toestand van die dag van hierdie voorval.

Dan wil ek dit ook verder aan jou stel, as jy klaar is, dat selfs op die vergadering van die 26ste, was daar ook al twee persone wat daar dit aanhangig gemaak het en dit is wat bekend was in die gebied, stel ek dit aan jou, dat op 3 September sou nie busse en huurmotors loop nie en dat hulle verplig sou word om nie te loop nie? -- Dit is nie die waarheid nie, want soos ek alreeds gesê het, die eerste persoon is Mokheme wat daaromtrent gepraat het en dit wat hy gesê het wat eintlik nie bekend was waaroor hy praat nie, het toe nie voortgegaan nie. Tweedens, Botha het net daar deurmekaar gepraat, hy het dinge daar deurmekaar gemaak. Hy praat van die petisies wat uitgevoer moet word, maar dan maak hy melding van plekke waarheen die petisies geneem moet word, wat net ȵ verwarring geskep het. Daar was net hierdie twee dinge waarvan melding gemaak was en daar was nie ȵ verdere resolusie geneem deur hierdie vergadering aangaande die twee wat alreeds genoem was nie, wat ek na verwys het.

En ek stel dit aan jou dat daar heelwat van die mense in daardie vergadering was wat presies geweet het waarna

hierdie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hierdie twee mense verwys en dit is ook 'n duidelike vingerwysing dat daar op die 3de gepoog gaan word om mense te verhoed om te gaan werk en dat op die 3de gepoog gaan word om te verhoed dat huurmotors en busse loop? -- Ek sê ek stem nie saam met u nie, want die meeste van die mense was eintlik verbaas gewees. Hulle het nie gevolg wat dit is wat nou genoem word aangaande hierdie vergadering nie.

Net voor ek aangaan met die volgende - op die vergadering van die 26ste is daar besluit dat daar die vergadering van die 2de gehou sal word. Is dit reg? -- Ja.

En wie sou beheer gehad het van hierdie vergadering van 2 September 1984? Wie sou dit organiseer verder en wie sou beheer gehad het daaroor? -- In beheer? Hoe? In watter sin? Ek verstaan nie.

Wie sou "in charge" wees, wie sou die vergadering beheer het? -- As ek u vraag reg verstaan, ek en my handlangers.

So, as jy gewou het dan kon jy en jou handlangers selfs daardie vergadering van 2 September gekanselleer het? -- Nee, dit moenie so gesien word nie. Ingesluit die gemeenskap wat die versoek gerig het dat die vergadering op dié dag belê moet word. As hulle besluit het dat hulle nie meer die vergadering wil hê nie, dan sou die vergadering nie daar gewees het nie.

HOF : U was seker in staat om te sê "Wel, die vergadering moet om hierdie of hierdie rede nie plaasvind nie, dus is my kerk nie meer beskikbaar nie"? -- Ja, ek het vroeër gesê indien daar niks is wat gedoen moet word wat op die kerk betrekking het nie, dan is die kerk beskikbaar, andersins nie.

MNR. JACOBS : En as u nou gereken het dat hier is gevaar dat die mense opgesweep raak op hierdie vergadering teen die

raadslede/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

raadslede, u wat so ŉ man vir vrede is, dan kon u ook gesê het "Nee, maar vir daardie doel gaan ek nie my kerk beskikbaar stel nie." -- Ja, maar daar was geen sulke sprake gewees by hierdie vergadering dat mense opgesweep was nie.

Is dit reg met jou besoek aan kaptein Steyn op 31 Augustus 1984 by sy kantoor het hy dit aan jou gestel dat hy oor inligting beskik dat daar protesvergaderings gehou was in jou kerk op die 5de, 12de, 19de Augustus en 26 Augustus en dat een beplan word vir 2 September? -- Die besoek van 31 Augustus? 26 Augustus ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Nee, toe u besoek afgelê het by majoor Steyn op 31 Augustus, kaptein Steyn, toe sê hy vir u op die 5de, die 12de, die 19de en die 26ste Augustus was daar vergaderings gewees en daar kom nog een op die 2de? -- Ja, hy het melding gemaak van hierdie datums, maar ek het verduidelik dat op die 5de was daar geen vergadering gewees nie.

MNR. JACOBS : En hy het ook vir u gesê dat op een van die vergaderings, naamlik die vergadering van 19 Augustus 1984 was geweld gepropageer teen persone en eiendom van die Lekoa Stadsraad? -- Ja, hy het melding gemaak daarvan dat daar so iets gesê was by hierdie vergadering, waarop ek in antwoord gesê het dat ek self daar teenwoordig was, daar was geen melding daarvan gemaak nie en verder aan hom gesê dat indien daar iemand was wat dit gesê het, sou ek daardie persoon gestop het om nog verder te praat en alternatiewelik sou ek die persoon uit my kerk uitgejaag het.

Is dit reg, het hy ook vir u gesê dat die vergadering wat beplan word vir 2 September 1984 en volgens sy inligting, gaan op hierdie vergadering finale reëlings getref word vir ŉ optog wat na die Administrasiekantore in Sharpeville

gehou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gehou gaan word? -- Ja, dit is wat hy gesê het na aanleiding waarvan ek toe aan hom gesê het daar was geen so 'n resolusie wat by 'n vergadering aanvaar was dat dit so gedoen moet word nie. Dus is daar nie so 'n besluit geneem nie.

Het hy jou toe versoek om die vergadering van 2 September 1984 af te las? Moes jy jou invloed gebruik om die protes-
K783 optog af te las? -- Hy het gesê ek moet my invloed gebruik om hierdie vergadering te stop, dat daar nie 'n vergadering gehou word op die 2de nie, waarop ek toe aan hom gesê het dat die voorbereidings reeds gedoen is. Daar is geen manier waarop ek dit kan doen nie en hy het geen melding gemaak van 'n optog wat die volgende dag sou plaasgevind het, soos dit aan my gestel word nie.

Het hy jou versoek om jou invloed te gebruik om die inwoners op die vergadering te beïnvloed om hulle te weerhou van geweldpleging op 3 September 1984? -- Ek kan nie so goed onthou nie, maar ons het nie die toestand van die inwoners en/of geweld bespreek nie. Wat hy wel gesê het was dat daar is 'n geheim dat daar iets gaan plaasvind. Wat dit is was nie seker nie.

As mnr. Steyn gesê het in hierdie hof dat hy het jou versoek om jou invloed te gebruik om die mense wat die vergadering aan bywoon te beïnvloed om hulle te weerhou van geweldpleging op 3 September kan jy dit nie betwis nie? -- Ek ontken dit nie.

En hy het toe vir jou daarop gewys dat sou daar geweldpleging op 3 September plaasvind, 3 September 1984, sal die polisie moet reageer en dit kan - om die geweldpleging te onderdruk en dit kan lei tot lewensverlies? -- Ja, hy het so gesê, waarop ek 'n antwoord gegee het.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En hy het ook in dieselfde omstandighede in daardie selfde tyd vir jou daarop gewys, uitgewys en gesê "Man, kyk, daar was reeds op 20 Augustus 1984 geweldpleging in Sharpeville"? -- Ja, maar u weet, wat my pla, u gebruik sterk woorde deur te sê dat daar geweldpleging was. Dit was nie geweld nie.

Ek wil dit aan jou stel dit was die woorde van mnr. Steyn dat hy gesê het daar het alreeds geweldpleging plaasgevind op 20 Augustus 1984 in Sharpeville? -- Ja, ek verstaan dit maar wat ek wil tuisbring is dit was nie geweld gewees nie. Al wat daar gebeur het op die datum is dat kinders klippe gegooi het. Dit is al wat daar gebeur het.

Na busse toe? -- Volgens die inligting wat ek gekry het, ja, was dit na busse toe.

En dit was so ernstig dat die busse onttrek het uit Sharpeville uit? -- Nee, dit het nie gebeur dat busse onttrek was nie.

Soveel so dat mev. Mokati nie eers 'n bus kon kry om werk toe te gegaan het nie? -- Nee, sy het gesê sy kon nie daarin slaag om werk toe te gaan nie. Sy het nie gesê dit was omdat die busse onttrek was uit die gebied nie.

Beteken dit dan anders dat die klipgooiery so ernstig was dat sy nie kon waag om in 'n bus te gegaan het nie? -- Nee, sy sê sy het met die kinders gepraat dat hulle nie klippe moet gooi nie en sy het as gevolg daarvan nie werk toe gegaan nie, maar sy sê nie dat na aanleiding van die optrede van die kinders in daardie omstandighede kon sy nie werk toe gaan nie.

Jy sal saam met my stem die feit dat kaptein Steyn op daardie vir jou na sy kantoor toe ontbied het is omdat hy

hierdie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hierdie hele aangeleentheid as baie ernstig beskou het? -- Nee, ek glo nie so nie. Ek stem nie saam nie.

Sal hy jou sommer na sy kantoor toe ontbied en hierdie versoek sommer so aan jou rig net omdat hy geselskap soek? -- Nee, hy wou my op 'n manier gedreig het. Dit is al wat hy besig was om te doen.

Sê jy nou hy het jou ontbied om jou te dreig? -- Ja, ek het dit as dreigemente gesien, want in die eerste plek het hy toestemming geweier dat ek met die "archdeacon" die kantoor binnekom. Hy wou eintlik nie luister na wat ek aan hom verduidelik het ten opsigte van sekere dinge nie.

Is dit 'n dreigement om vir jou te vra om jou invloed te gebruik op daardie vergadering? -- Ja, volgens hoe dit gebeur het. Ek sal vir u sê, my siening is dat die persoon het my senior by die kerk toestemming geweier om in te kom.

Is dit jou antwoord op my vraag? -- Ja.

Dink jy dit is 'n dreigement as iemand vir jou sê "Man, probeer die mense keer dat hulle nie gaan gewelddadig raak op 3 September nie, anders kan dit lei tot lewensverlies"? as die polisie moet optree om die geweld te onderdruk? -- Nee, dit is nie die einde van die hele ding as 'n vertolking nie. As 'n persoon sê "Ek gaan vir jou beskuldig vir optrede soortgelyk aan hierdie", dan noem hy die optredes. Dit is wat ek sê is 'n dreigement.

Het jy vir hom gesê jy sal iets probeer doen omtrent hierdie versoek wat hy aan jou gerig het? -- In die eerste plek het ek aan hom gesê dit wat hy beweer gaan plaasvind sal nie daar plaasvind nie en tweedens, dit is die gemeenskap wat gevra het vir die hou van die vergadering en dus, daar behoort nie 'n vergadering te wees sonder vrede nie. Dit



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gaan ŉ vergadering wees met vrede.

Het jy vir hom gesê jy sal kyk wat jy kan doen op die vergadering van die 2de? -- Ek onthou dat ek wel so gesê het.

As ŉ mens sê dat jy gaan iets doen of probeer doen op die vergadering van die 2de om met die mense te praat, dan is dit mos omdat dit ŉ ernstige saak is? --Nee, dit was omdat dit ŉ goeie ding was dat die mense bymekaar kom en met mekaar praat.

Ek wil dit aan jou stel wat gebeur het op hierdie dag, die 31ste se byeenkoms tussen u en kaptein Steyn was omdat kaptein Steyn ŉ ernstige bedreiging van die vrede en lewensverlies en eiendom gesien het as daar ŉ optog gaan plaasvind op 3 September en daarom het hy na jou toe gekom met hierdie versoek? -- Ek sê wat hy besig was daar is om my te dreig, want ... (kragonderbreking)

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

HOF : Toe ons die kragonderbreking gehad het, was die vraag kaptein Steyn het ŉ ernstige bedreiging gesien van die vrede op 3 September met die optog, dit is nou my parafrase daarom kom hy na jou toe met die versoek en die deel wat nou genotuleer moet word is die antwoord wat ek woordeliks afgeskryf het: Ek sê wat hy besig was om te doen was om my te dreig, want hy het ook nie melding gemaak van die persone wat hy beweer het die dreigemente op die 19de gemaak het nie en tweedens hy wou nie my kant van die storie hoor dat ek sê om en by daardie dae sal ek nie tuis wees nie en waarheen ek gaan.

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : Ek wil dit verder aan jou stel dat kaptein Steyn het spesifiek na jou toe gegaan dat jy jou invloed moes gebruik omdat jy ʼn belangrike kerkleier is in Sharpeville gebied? -- Ja, ek hoor wat hier aan my gestel word, maar my siening van alles was dat hy die "archdeacon" toegang geweier het en tweedens, toe ek soontoe gegaan het, was ek daarvan bewus dat Mpondo ʼn lid was van die veiligheidstak. Na aanleiding daarvan het ek gevind dat die twee saam is, in die sin dat hy my ook daar gedreig het. Hoekom ek so sê is, kaptein Steyn se dreigemente was indien daar enigiets gebeur sal hy my aanhou en wat klop met die dreigemente wat deur Mpondo gemaak was.

Jy sal seker saamstem met my dat die gesprek het dan daar gegaan oor moontlike geweldpleging op 3 September? -- Ja, indien dit kan gebeur.

Ek wil net oor ʼn ander aspek duidelikheid by jou kry. Ek wil lees watter stelling gemaak was aan kaptein Steyn en hoor wat jy daarvan te sê het. Bladsy 218 volume 4. Dit is so in die middel van die bladsy die vierde paragraaf van bo af waarvandaan ek lees. "Kan u onthou dat toe die beskuldigde ontken het dat daar enige melding van geweld was op die 19de, dat hy gesê het as daar enige melding van geweld in my kerk gemaak was, sou ek dit gestop het as ek daar was. Kan u dit onthou?" Hierdie "As ek daar was", wat bedoel u daarmee? -- Ek dink daar was ʼn fout gewees daar. Wat ek daar sê is dat indien daar so iets gemeld was, was ek teenwoordig gewees, dan sou ek dit gestop het.

Ek wil dit aan jou stel hierdie "as ek daar was" is nog ʼn verdere uitbreiding van die vorige stelling wat ek aan jou gemaak het dat jy gesê het jy het niks te doene gehad met

daardie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daardie vergadering nie? -- Nee, dit is nie reg nie. Dit is nie die waarheid nie. Ek het hier getuig voor hierdie Hof dat ek wel by hierdie vergadering teenwoordig was en selfs van die Staatsgetuies het hier voor die Hof getuig dat ek wel teenwoordig was.

Die vergadering van 2 September 1984, het enigiemand u toestemming gevra voor die tyd of die kerk beskikbaar gestel moet word - dat u kerk beskikbaar gestel moet word vir die hou van die vergadering van 2 September? -- Nee, al wat gesê was, is die volgende, dat die volgende Sondag ŉ vergadering gehou moet word en daar was ŉ ooreenkoms dat daar ŉ vergadering gehou gaan word.

Luister na my vraag. Het iemand voor - kom ek stel dit vir jou baie duideliker - 26 Augustus 1984 gevra om toestemming te verleen dat ŉ vergadering op 2 September 1984 in jou kerk gehou kan word?

HOF : Voor 26 Augustus?

MNR. JACOBS : Voor 26 Augustus? -- Ek kan nie onthou nie. Verskoon my, dit is nie dat ek nie kan onthou nie, maar die vraag is nie vir my duidelik nie.

Ek verstaan nie wat is vir jou onduidelik nie. Ek sal hom vir jou herhaal. Die vraag is, het enigiemand voor 26 Augustus 1984 na jou toe gekom en gevra dat jy toestemming verleen dat jou kerk gebruik word vir die vergadering van 2 September 1984? -- Ek kan nie onthou nie.

Maar jy sal seker onthou as iemand jou kom vra het vir jou kerk vir 3 September 1984? -- Ek sê ek kan nie onthou nie. Dit kan wees, maar ek weet nie.

Wie sou jou gevra het vir jou kerk op 2 September 1984? -- Ek weet nie.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Is dit reg so as ek die afleiding maak en sê dat volgens ek jou getuienis verstaan dan sou daar nooit iemand gewees het wat jou toestemming gevra het voor die 26ste nie? -- Ek sê ek kan van niemand onthou nie.

Jy sien, ek wil dan weer uit dieselfde volume vir jou voorlees hierso, weer Volume 4 op bladsy 219 die tweede paragraaf. Die stelling word gemaak "Ons sal daarby kom, maar kan jy onthou of die beskuldigde aan u gesê het gedurende die gesprek dat dit nie hy is wat besluit wanneer ŉ vergadering sou plaasvind nie, maar dat sy toestemming voor die 26ste gevra is om die kerk op 2 September te gebruik en hy het sy toestemming gegee en dat die vergadering wel op die 2de sou plaasvind. Kan u dit onthou?" -- Ek onthou dit nie. Dit kan wees.

HOF :· Nou hoekom kan dit wees? Daar was tog nie ŉ vergadering belê voor 26 Augustus vir 2 September nie. Ek het u getuienis verstaan dat op die 26ste daar gesê is "Ons kom later weer bymekaar"? -- Die vraag was nie spesifiek gewees nie. Dus my antwoord was in die algemeen in die sin, ek sê dit was besluit by die vergadering van die 26ste dat daar ŉ vergadering gehou gaan word op 2 September. Die vraag is het daar enigiemand my kom vra vir die toestemming vir die gebruik van die saal om ŉ vergadering op die 2de te hou? Dit word nie gesê wie nie. Ek verstaan dit om te beteken dat in die algemeen enigiemand vir wat ook al. Dit is hoekom ek sê ek nie kan onthou dat enigiemand my kom vra het nie.

MNR. JACOBS : Die stelling wat hier gemaak was aan hierdie getuie dat jy voor die 26ste Augustus 1984 toestemming reeds verleen het aan iemand dat die vergadering van die 2de in jou kerk sou plaasvind, is dus heeltemal ŉ foutiewe stelling?

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Ek sien dit nie as foutief nie, want soos ek sê, as ek dit verstaan het, dit beteken dat enige ander persoon my genader het oor enige ander geleentheid waarop die persoon ꞌn vergadering wou gehad het by die kerk van my op die datum. Dit is wat ek verstaan het.

Is dit nie so dat hier word spesifiek verwys na hierdie vergadering wat op die 2de is nie? -- Ek het alreeds gesê dat daar ꞌn ooreenstemming was op die 26ste dat daar ꞌn vergadering gehou gaan word op die 2de.

Ek wil dit aan jou stel dat hierdie onwaarheid wat u vertel het aan kaptein Steyn was weer eens gedoen gewees sodat jy jou kon distansieer van enige verantwoordelikheid vir dinge wat op daardie vergaderings gebeur het? -- Dit is nie die waarheid nie.

Kan jy dan enige verduideliking gee hoekom jy dit dan vir mnr. Steyn gesê het? -- Ek sê op die 26ste was daar besluit op die vergadering vir 2 September en dus het ek geen rede gehad om enige melding daarvan te maak aan hom dat daar iemand was wat my versoek het vir die toestemming vir die vergadering van 2 September nie, want die onderhoud wat ek met hom gehad het, was op 31 Augustus.

Sal u met my saamstem dat u was die enigste persoon wat namens die verdediging inligting kon gegee het oor die vergadering of samesprekings wat u gevoer het met kaptein Steyn? -- Ja, dit is korrek, ek is die enigste persoon. U moet ook nou nie vergeet dat ek vir my "archdeacon" ook gesê het nie.

Nou wil ek dit aan u stel dat hierdie inligting wat aan mnr. Steyn in die hof gestel was, is inligting wat jy aan jou regsverteenwoordiger gegee het? -- Ja.

Kan u vir ons sê, is dit reg dat kaptein Steyn op

daardie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daardie byeenkoms aan jou dit gestel het dat as persone na die Lekoa Raadskantore marsjeer en daar is geweld, dan sal die polisie verplig wees om op te tree? -- Ja.

En het hy dit ook aan jou gestel dat die jongmense is heeltemal ongedissiplineerd en dat hulle klippe sal optel en dit na die polisie gooi as die polisie probeer keer en verbied dat die massas verder gaan? Het hy dit gesê? -- Ja, dit is korrek. Dit wat nou gestel word en die vorige stelling net voor hierdie stelling is beide korrek. Dit was aan my so gestel deur die majoor na aanleiding waarvan ek toe met die volgende antwoord geantwoord het dat dit is heeltemal reg, maar die lewe moet gespaar word.

Hoekom praat hy van die polisie wat sal skiet? -- Ek het toe verder in my antwoord gesê dat hy, wat die majoor is, moet probeer om toe te sien dat die polisie nie die eerste mense moet wees wat ŉ aksie begin nie en indien daar wel enige aksie begin is, laat hy dan probeer dat daar ander maniere gebruik kan word in optrede teen die aksie soos in die ander lande.

Het u ook vir hom gesê dat as die jeug of die jongelinge klippe gooi, dan moet die polisie ook maar klippe vat en teruggooi? -- Ja, ek het so gesê, maar dit was op die volgende manier gesê. Ek het aan hom gesê in noodweer moet daar aan ŉ persoon nie iets sterker gebruik word om homself te verdedig teenoor wat gebruik word nie.

En dat hulle moet dan klippe neem en teruggooi met klippe na die mense wat gooi? -- Ek het gesê majoor Steyn sê klippe sal gegooi word en die polisie sal reageer na aanleiding daarvan. Dit wil sê hulle sal skiet en ek sê vir hom lewens moet gespaar word.

<u>ASSESSOR (MNR. KRUGEL)</u> : Kan ons net seker maak, het die majoor/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

majoor gesê die polisie sal optree teen die klipgooiers of het hy gesê "ons sal skiet"? Dit is nie vir my duidelik wat u sê nie. U sê "Dit wil sê hulle sal skiet." Is dit ŉ afleiding wat u gemaak het? -- Wat hy gesê het is dat die polisie sal ŉ stap neem om te skiet. Dit was na aanleiding daarvan dat ek gesê het lewe moet gespaar word en die gebruik van klippe, ek het eintlik nie spesifiek gesê dat die polisie ook klippe moet optel en gooi nie. Al wat ek gesê het was, indien daar enige aanval is en ŉ persoon is besig om homself te verdediging teen die aanval, moet die persoon nie iets sterker gebruik in noodweer nie. Ek het byvoorbeeld aan hom gesê te Ireland gebruik hulle water op die mense. Dit is water wat gebruik word om die mense uiteen te jaag.

MNR. JACOBS : Is dit korrek dat hierdie gesprek tussen jou en mnr. Steyn het pertinent die moontlikheid van geweldpleging tussen die polisie ten minste en die mense wat gaan marsjeer op die voorgrond gestel en pertinent uitgelig? -- Nee, wat hy aan my gesê het was dit kan wees dat daar ŉ samedromming van mense gaan wees by die kantore en met dié bestaan daar ŉ moontlikheid dat kinders daar klippe sal gooi. Nie dat hy gesê het dat daar ŉ optog gaan wees nie.

Ek wil net vir jou stel op bladsy 220 van dieselfde volume, volume 4. Dit is die derde paragraaf van bo af. Dit begin met "Beskuldigde nr. 3 sal erken." Ek lees die stelling aan jou "Beskuldigde nr. 3 sal ook erken dat u vir hom gesê het dat as persone na die Lekoa raadskantore marsjeer die polisie verplig sal wees om hulle te skiet." Wat is nou die waarheid? Is hierdie erkenning wat ek nou aan jou lees korrek of is dit nou heeltemal weer verkeerd en dat jy gesê het as hulle by die raadskantore saamdrom dan sal daar

geskiet/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

geskiet en klippe gegooi word? -- Ja, dit is eintlik een en dieselfde ding. As mense saamdrom by die kantore beteken dit dat die mense gestap het soontoe.

Maar hier is dit duidelik en uitdruklik gestel as hulle marsjeer op pad na die kantore toe, en as hulle dan klippe gooi, dan sal die polisie skiet? -- Ek betwis dit nie.

Kom ons gaan aan. Het jy vir kaptein Steyn gesê wie is die persone wat nou die kerk van jou gekry het om die vergadering op die 2de te hou? -- Ek kan nie onthou nie.

En op daardie stadium, het jy alreeds vir Kehla Mthembu genooi gehad om as gasspreker op te tree op die vergadering van 2 September 1984? -- Nee.

Het jy hom nadat jy by kaptein Steyn was genooi, vir Kehla Mthembu genooi? -- Ja.

Hoe lank daarna? Was dit dieselfde dag? -- Dieselfde dag, ja.

So, jy het toe dan voortgegaan met die reëlings om hierdie vergadering van 2 September 1984 ŉ sukses te maak? -- Ja, want ek het alreeds vir Steyn gesê dat daar ŉ resolusie geneem was op hierdie vergadering van die 2de dat daar ŉ vergadering gaan wees.

HOF : Op die vergadering van die 2de? -- Dat op die 26ste ŉ resolusie geneem was dat daar op die 2de ŉ vergadering gehou gaan word. Eintlik praat ek van ŉ ooreenkoms. Ons het ooreengestem dat ons die vergadering gaan hou.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K784 TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

MR BIZOS : I am sorry to worry Your Lordship. We ask Your Lordship to vary the conditions of bail of accused no. 9,

Mr Ramakgula/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Mr Ramakgula.

COURT : Certain sentences or so?

MR BIZOS : Just one sentence. That he be allowed to go to the Vaal on Saturday, the 27th between 10h30 to visit his wife who has not been well and is unable to move about.

COURT : Time?

MR BIZOS : 10h30 in the morning and be back at 17h30 in the afternoon. Save for that, all the other conditions to apply. That will enable him to report in the morning at Jeppe and in the afternoon when he comes back.

HOF : Wat is u houding, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS : Ek het nie 'n beswaar nie. Ek wil net vra dat die Hof byvoeg dat as hy daar aankom dat hy net by die polisie rapporteer en weer as hy vertrek 17h00 die middag dat hy rapporteer hy vertrek nou sodat daar nie agterna weer 'n klomp moeilikheid kom nie.

HOF : By watter polisie?

MNR. JACOBS : Vereeniging polisiestasie.

HOF : Waar woon hy?

MR BIZOS : Sebokeng. Houtkop would be more convenient.

COURT : The conditions of bail of accused no. 9 are amended in this respect that on Saturday, 27 June 1987, he will be allowed to visit the Vaal - to enter the Vaal to visit his wife between the hours of 10h30 and 17h30. All the other conditions will remain standing and furthermore he is to report at the Houtkop police station upon his arrival and on his departure.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, op die vergadering van 2 September 1984, het u daarso 'n toespraak gelewer? -- Ja, ek het.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het u enigsins in die toespraak verwys na u besoek aan kaptein Steyn? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Het u enigsins in u toespraak die mense gewaarsku dat daar kan moontlik moeilikheid kom op 3 September as die polisie kry dat die mense besig is met ŉ optog? -- Nee.

Hoekom nie? Daar was mos nou wesenlike gevaar dat as die polisie die mense kry terwyl hulle met die optog besig is, dan kan daar geweld uitbreek? -- Steyn was nie seker nie en Steyn het gepraat van indien dit kan gebeur.

Het jy dit nie belangrik geag om die mense te waarsku dat daar kan geweld uitbreek en van hulle kan geskiet word indien daar ŉ optog is en die polisie keer hulle voor nie? -- Ons het nie van die optog gepraat nie, nie by ons vergaderings nie.

Maar dit is tog wat ŉ moontlikheid was dat daar gaan ŉ optog wees, dit is tog die berigte wat jy gehoor het? -- Dit is ŉ moontlikheid dat daar ŉ optog kan wees. Dit is nie ŉ kwessie van daar gaan ŉ optog wees nie. Ek sê ook hier dat by ons vergaderings het ons niks te sê gehad oor die optog nie.

ŉ Man wat vrede nastreef, ŉ kerklike man, het jy nie gedink om net vir die mense te sê kyk, daar is so ŉ moontlikheid nie? -- Ek kan nie melding maak van ŉ ding wat ek nie eers van weet nie. Ons het nie daarvan gepraat nie. Dus het ek geen rede gehad om melding daarvan te maak nie.

Ek stel dit aan dat u het dit nie gedoen nie vir die eenvoudige rede dat u wou nie die mense afskrik nie, maar u wou gehad het dat hulle moes bymekaar kom en dat hulle moes deelneem aan die opmars? -- Nee, dit is nie die waarheid nie. Ek het alreeds vir daardie man gesê dat ek nie

daardie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daardie dag tuis gaan wees nie.

Maar dit maak nie 'n verskil nie. Dit is nie daardie dag wat ons van praat nie. Ons praat van die 2de, toe kon jy die mense gewaarsku het? -- Laat ek hulle waarsku, sonder dat daar enige besluit geneem is daaromtrent? Daar was geen besluit wat geneem was daaromtrent nie.

Ek wil dit aan jou stel dat die besluit was al op die 26ste geneem dat hulle gaan deelneem aan die optog.

MR BIZOS : Is the prosecutor putting that this was a decision at Sharpeville? I just want clarity on the question.

MNR. JACOBS : Ek stel dit op die vergadering van 26 Augsutus te Sharpeville? -- Dit is nie die waarheid nie.

En op hierdie vergadering van die 2de, was daar finale reëlings getref, daarom was daar 'n besluit geneem op hierdie vergadering van 2 September 1984 dat party van die mense sou by die kerk bymekaar kom die volgende dag? -- Nee, dit is nie die waarheid nie. Ons het niks gepraat oor die optog nie. Al wat ons gesê het was dat die mense wat gevind het dat hulle nie werk toe gegaan het nie, kan kom vergader hier. Dit was nie 'n kwessie van dat hulle 'n optog moet vorm of deelneem aan enige optog nie. Die rede daarvoor was aangaande die petisie en die "court interdict". Dit is die twee dinge wat eintlik genoem is by hierdie vergaderings van ons.

Is op daardie vergadering van 2 September 1984 genoem dat hulle moes die volgende dag daar kom vergader omrede die "interdict" en omrede die petisie? Is dit wat jy vir die Hof sê? -- Nee, dit is nie wat ek sê nie. Wat ek sê is dat wat bespreek was by ons vergaderings, dit wil sê almal van hulle, was hierdie twee.

Wat is die rede gegee vir die mense om die volgende

dag/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dag in jou kerk - vir watter rede moes hulle daar bymekaar kom, dit is op 3 September 1984? -- Wat gesê is is dat hierdie mense wat gaan vind dat hulle nie daarin geslaag het om werk toe te gaan nie, kan na my kerk toe kom.

Om wat te doen? Vir watter doel? -- Dit sou ons besluit het as hulle daar kom.

So, hulle sou nie daarnatoe moes kom om te gaan bid nie? -- Hulle kan bid, want dit is mos by die kerk.

Moenie my ontwyk nie. Is daar vir hulle gesê hulle moet na die kerk toe kom, dat hulle kan kom bid? -- Nee.

Is dit vir die mense gesê hulle moet daarnatoe kom dat hulle verdere besluite moet neem? -- Nee.

Wat is vir hulle gesê hoekom moet hulle soontoe kom? -- Ek het al ŉ antwoord daarop gegee.

Maar ek vra nou vir jou? -- Moet ek die antwoord herhaal? Wat gesê was was dat die mense wat gaan vind dat hulle nie werk toe is nie, kan na die kerk toe kom die volgende dag om daar bymekaar te kom.

HOF : Die vraag is wat is gesê sou die rede wees vir die byeenkoms? -- Ek het gesê geen spesifieke rede was gegee hoekom hulle daar byeen moet kom nie.

MNR. JACOBS : Laat ons mekaar nie misverstaan nie, al wat gesê was vir die mense was dat hulle moet die volgende dag na die kerk toe kom? -- Dié wat nie werk toe gegaan het nie, ja.

Ek sal nou-nou weer terugkom daarop, maar kom ons net ŉ ander aspek afhandel. Op 29 Augustus 1984, was daar reeds al moeilikhede op die vergadering gehou deur raadslede. Is dit reg? -- Ek weet nie.

Ek stel dit aan jou dit het in Sharpeville gebeur?



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Op die 29ste?

HOF : Ek het verstaan dit was in Bophelong?

MNR. JACOBS : Of laat ek dit miskien so stel. Bophelong en ꞌn deel van jou gemeenskap?

HOF : Wat is sy gemeenskap? U moet spesifiek wees. As die getuie ja sê dan sit ek met antwoord dat dit in Sharpeville was en ek ken Sharpeville as ꞌn geografiese eenheid. Is dit so dat die vergadering in Sharpeville, in die die dorpie Sharpeville is?

MNR. JACOBS : Ek het daar dit miskien nie duidelik gestel nie. Dat dit in Bophelong was, maar in die kerkgemeenskap, in jou kerkgemeenskap? -- Ja, laat ons duidelik wees daar. U praat van die gemeente in Bophelong. Dit is my gemeente daar, maar u moet nou nie praat van Bophelong as geheel nie. Dan verstaan ek nie wat u daarby bedoel nie.

Dan wil ek vir jou vra, het jou gemeentelede glad nie vir jou in kennis gestel dat daarso alreeds op die 29ste moeilikheid was met raadslede in Bophelong nie? -- Ek weet nie waarvan u praat nie, dus is ek nie in staat om daardie vraag te antwoord nie.

My vraag is mos eenvoudig, het niemand van jou gemeentelede aan jou gerapporteer nie? -- Nee, dit kan ek nie onthou nie.

Toe u vir Kehla Mthembu genooi het as spreker na hierdie vergadering van 2 September 1984, het jy geweet hy is ꞌn lid van AZAPO? -- Ja.

En het jy met hom gereël waaroor hy die gehoor moet toespreek? -- Ja.

Wat het jy vir hom gesê waaroor moet hy die gehoor toespreek? -- Dat hy oor sy ondervinding moet handel

aangaande/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

aangaande die sukses wat hulle behaal het ter teensetting van die verhoging van die huur.

HOF : In Krugersdorp? -- Nee, hy kom van Soweto.

In Soweto? -- Ja.

MNR. JACOBS : Is dit al? -- En dat hy ook bekend moet maak van sy kennis en ondervinding in die algemeen want hy het te doene met die assuransies.

Kennis in die algemeen, wat het jy vir hom presies daarop gesê? -- Ek het aan hom verduidelik dat my gemeente bestaan uit bejaarde persone en wat die toestand is aangaande die bejaarde persone en hy is ʼn man wat met die assuransies werk. Dus verwag ek dat hy iets te sê gaan hê aangaande daardie punt aan my gemeente.

Het jy vir hom verwys na spesifieke assuransies of net assuransie in die algemeen? -- Ek het net gepraat van die assuransies, want ek het nie ʼn goeie kennis van die assuransies nie.

So, hy moes gepraat het oor lewensassuransie, uitkeerpolisse of enigiets wat hy dan verkies het? -- Ja.

Jy het nie vir hom spesifiek afgebaken op enige van hierdie vlakke nie? -- Ek sê ek het nie ʼn ondervinding van die assuransies nie.

Wie het almal op hierdie vergadering van 2 September 1984 toesprake gelewer? Ons het nou eerste Kehla Mthembu. Het hy ʼn toespraak gelewer? -- Ja, hy het ʼn toespraak gelewer as ʼn gasspreker.

Wie het nog toesprake gelewer? -- Aan wie? Bedoel u nou aan die gehoor?

HOF : Op die vergadering? -- Ja, ek was een van die sprekers.

MNR. JACOBS : Ja? -- Nana het ook iets te sê gehad en

Hlomoka/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hlomoka het ook iets te sê gehad.

Dit is beskuldigde nr. 2? -- Ja.

Nog? -- Peter Hlubi was die voorsitter gewees. Dus het hy ook gepraat.

Is dit al die mense wat toesprake gemaak het? -- Van die mense het nie toesprake gemaak nie. Daar was net iets te sê ter ondersteuning van wat iemand anders alreeds in die toespraak gesê het. Byvoorbeeld Hlomoka, hy het nie ŉ toespraak gemaak nie. Al wat hy gedoen het was om ŉ antwoord te gee op ŉ vraag en toe ŉ voorstel gemaak van ŉ mosie waarop Nana toe ook dit ondersteun het. Dit wil sê onder-steun het wat Hlomoka alreeds gesê het.

Het Nana ŉ mosie aan die vergadering gestel? -- Nee, sy het nie ŉ mosie voorgestel nie, maar sy het gevra na aanleiding van dit wat sy, wat Nana is, saamgebring het.

Is sy glad nie voorgestel met daardie dokument wat sy saamgebring het dat ook so ŉ resolusie aanvaar word soos beliggaam in daardie dokumente op hierdie vergadering van die 2de nie? -- Ja, dit is so.

So, sy het nou ŉ mosie voorgestel? -- Ja, maar dit was nie aanvaar nie.

Ek het nie vir jou gevra of dit aanvaar is of nie. Ek het vir jou gevra of sy een voorgestel het. Presies wat was haar mosie wat sy voorgestel het? -- Wat sy gesê het was die dokument wat sy in haar besit gehad het, handel oor die wegbly-aksie. Sy het gesê wat in hierdie dokument bevat word is dat die ouers en kinders ŉ rol moet speel in die voortsetting van wat in hierdie dokument bevat word, naamlik dat die ouers nie werk toe moet gaan nie, die skoolkinders ook nie skool toe moet gaan nie en iets te sê gehad oor

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die werkers. Ek kan nie meer so goed onthou nie.

Het sy enigiets gepraat dat raadslede moes bedank in haar mosie? -- Nee.

Het sy dit nie gelees uit daardie dokument uit nie? -- Ek kan nie onthou of dit bevat was nie.

As ek dit aan jou stel dat dit in daardie dokument bevat was en dat dit ook deur haar voorgestel was, sal jy saamstem? -- Ek sê ek kan nie so mooi onthou wat alles daar geskryf was nie.

Was haar voorstel nie ook gewees dat julle daar dieselfde resolusie aanneem dat daar gemarsjeer word na Houtkop toe nie? -- In die eerste plek kan ek nie onthou dat hierdie dokument iets te sê gehad het oor die optog nie.

Nee, maar ek vra vir jou - O, ekskuus, ek dog u is klaar. -- Dit het my nou net ontgaan. Herhaal daardie vraag weer?

Ek vra was haar voorstel nie ook gewees dat hulle moes deelneem aan die optog na Houtkop nie, dat so ŉ resolusie op hierdie vergadering aanvaar word nie? -- Sy het gesê dat sy ŉ versoek rig aan ons dat die resolusies wat in hierdie dokument bevat word by hierdie vergadering ook aanvaar word. Ons het dus nie daarop besluit of ons nou ook so ŉ resolusie aanvaar by hierdie vergadering of so besluit dat hierdie resolusies resolusies gaan wees van hierdie vergadering nie.

HOF : Nee, ek weet nie wat u antwoord is nie. Sê u u het toe nie. Sê u u het toe nie besluit nie? U het nie op haar voorstel ŉ besluit geneem nie? -- Ja, want ons het nie geweet waarvandaan kom sy met hierdie dokument nie. Niemand was seker gewees van wat die oorsprong van die dokument is nie.

MNR. JACOBS : Presies wat was beskuldigde nr. 2 se voorstel

of/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

of mosie gewees op hierdie vergadering? -- Dat die mense wat sal vind dat hulle nie werk toe was nie, dit wil sê die volgende dag, dan moet daardie mense kerk toe kom.

Toe hy sy mosie voorgestel het, het hy gesê hoekom moet die mense kerk toe kom? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Op hierdie vergadering deur enigeen van die sprekers wat jy genoem het, is daar enigiets gesê oor die huur? -- Ja.

Wie het oor die huur gepraat? -- Die persoon het nie oor die huur gepraat nie, maar van die verhoging op die huurgeld.

HOF : Wie is die persoon? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie.

MNR. JACOBS : Wie is die persoon wat oor die verhoging op huurgeld gepraat het? -- Ek sê ek kan nie onthou nie. Al wat ek kan sê is, iets was gesê oor die verhoging van huur.

Jy kan nie onthou wie het dit gesê nie, jy kan nie onthou hoeveel persone het dit gesê nie, jy kan net onthou dat iets is gesê oor die verhoging van die huur. Kan jy vir ons sê wat is gesê oor die verhoging van die huur? -- Ek sê ek onthou nie wat gesê is nie. Wat ek wel kan sê is dat hierdie vergadering het gegaan oor die verhoging van huur met die gevolg dat ons veronderstel was om oor die verhoging van huur te praat.

Ek het nie vir jou gevra wat was veronderstel nie. Ek wil by jou feite weet van wat op hierdie vergadering gebeur het. Beteken jou antwoord nou dat jy kan hoegenaamd nie vir die Hof sê of enigiemand daar oor die huur gepraat het nie of wie daaroor gepraat het nie en of daar enigiets oor die huur gesê is nie? -- Ek onthou dat Kehla gesê het as mense kan verenig om probleme wat hulle raak op te los, kan hulle

dalk/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dalk daarin slaag aangaande die huur.

Wat slaag aangaande die huur? Wat het hy gesê? -- Wat in my gedagte gekom het was dat hy dit sê gemik op die petisie en die "court interdict" waarmee ons besig was.

Ja, dit het nou in jou gedagte gekom, maar wat het hy gesê? -- Hy het 'n voorbeeld gemaak van mense wat verenig het teenoor die verhoging van die huur. Daarin het hy 'n voorbeeld gemaak van die volgende plekke. Die inwoners van Mohlakeng in Randfontein en die inwoners van Ratanda.

HOF : Mohlakeng en Randfontein is dit dieselfde? -- Ja, die dorp is Randfontein en die Swartwoonbuurt is Mohlakeng.

MNR. JACOBS : En Ratanda? -- Dit is die lokasie in die distrik van Heidelberg.

Is dit al wat jy kan onthou waar daar 'n verwysing was na huur in hierdie hele vergadering? Of huurverhoging? -- Ja, dit is hoe ek nog onthou.

Op hierdie vergadering, enige van hierdie sprekers wat jy genoem het, het hulle verwys na raadslede? -- Ek kan nie onthou nie.

Jy kan nie onthou of enigeen van hulle gepraat het enigiets omtrent raadslede nie. Jy het vir die Hof gesê die doel van hierdie vergadering was oor die verhoogde huur. -- Ja.

Op hierdie vergadering word daar een verwysing gemaak na verhoogde huur waar mense moet verenig, jy kan nie onthou van raadslede nie. Waaroor het hierdie vergadering dan gegaan? -- Ons het ander dinge ook by hierdie vergadering bespreek.

Wat se ander dinge? -- Dat daar addisionele lede aangestel sal moet word vir die areas ter bevordering van die petisie wat uitgevoer moet word.

Maar ek dog dit is dan iets wat alreeds op die vergadering

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van die 26ste afgehandel is? Ek praat nou net van 26 Augustus 1984? -- Nee, jy het nie mooi verstaan nie.

Was dit nie op 26 Augustus 1984 se vergadering bespreek nie? -- Wat? Die vermeerdering van die huur?

Van die lede? Dat elke wyk 'n voorsitter het en 'n paar lede het om hom by te staan? -- Nee, dit was nie wat ons daar bespreek het nie. Wat op die 26ste bespreek was, is dat Sharpeville verdeel sal moet word in verskillende areas en elke area sal 'n verteenwoordiger moet hê wat dan die petisie sal rondneem.

En jy sê op die 26ste was dit nie bespreek dat daardie verteenwoordigers - elke verteenwoordiger van 'n gebied ook helpers moet hê nie? -- Ek kan nie onthou nie, maar wat ek wel van weet is dat elke area sal net een verteenwoordiger hê.

Afgesien daarvan, wat is nog bespreek op hierdie vergadering dan? -- Wat dan verder gesê was daar is dat die "volunteers" sal na die vergadering na vore kom om name daar te gee dat hulle graag sal wil help.

Behalwe die reëlings van die komitees in die gebiede, wat anders is op hierdie vergadering bespreek?

<u>HOF</u> : Hierdie vergadering is nou watter vergadering?

<u>MNR. JACOBS</u> : Die vergadering van 2 September 1984? -- Ek het toe 'n beroep gedoen op hierdie vergadering dat die mense sal asseblief die volgende daar na moet toesien dat hulle so gou as moontlik die petisies na my toe instuur.

Ek wil dit aan jou stel dat die rede hoekom jy nie vir die Hof kan sê wat eintlik nou werklik op hierdie vergadering bespreek is nie, is omdat jy dit nie kan doen nie, want jy wil dit nie openbaar nie? -- Dit is nie die waarheid nie, want alles wat daar plaasgevind het, het in die ope

plaasgevind/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

plaasgevind waar almal teenwoordig was. Dit kan ek nie wegsteek nie.

En wat ek aan jou verder stel is, in die ope plek waar almal teenwoordig was, het julle besprekings gevoer om finale reëlings te tref vir die opmars van die volgende dag? -- Nee, daar bestaan nie so iets nie.

Kan jy vir ons sê wat het Kehla - wat was sy toespraak gewees oor die "unity" wat hy genoem het? -- Dat hulle betroubaar moet wees om uit te voer wat hulle oor ŉ besluit geneem het.

Wie moes betroubaar wees? -- Ons almal.

Hoe het hy hierdie eenheid "unity" in verband gebring met Ratanda en Mohlakeng? -- Wat hy gesê het was dat die mense van Mohlakeng het ŉ eenheid gevorm en toe in daardie eenheid die raadslede gaan spreek en as gevolg waarvan die verhoging van huur gestaak was. Wat Ratanda betref, het hy gesê die inwoners het die beroep gemaak dat die huur nie verhoog moet word nie. Die raadslede het daaromtrent gereageer en as gevolg waarvan daar nie ŉ huurverhoging was nie. Dit is hoe ek kan onthou.

Kan jy onthou dat die raadslede - dat hy ook gemeld het dat die raadslede in Ratanda bedank het as gevolg van die optrede van die mense in eenheid in Heidelberg? -- Ek kan nie so goed onthou nie.

Ek stel dit aan jou dit is wat daar gebeur het, dit is wat hy gesê het dat die raadslede van Ratanda, Heidelberg het bedank as gevolg van die eenheidsoptrede van die mense? -- Ja, kyk, die mense het nou bymekaar gekom en ŉ eenheid gevorm en in die eenheidaksie het hulle die raadslede genader en met die raadslede daar gaan praat oor die verhoging van

huur/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

huur en die raadslede het toe verstaan en dit dan gestaak en daar was toe samesprekings uitgevoer met die raadslede dat hulle moet bedank as gevolg waarvan hulle toe bedank het.

Waar kom jy aan die getuienis wat jy nou gee dat hulle met die raadslede samesprekings gevoer het? Wie het so gesê? -- Dit is my siening dat as daar ŉ besluit geneem word behoort daar ŉ samespreking te gewees het alvorens die mense besluit op dit wat hulle besluit.

HOF : Nee, maar het die bedanking nou gevolg as gevolg van ŉ samespreking of het hulle net moeg geword vir die spul en bedank? -- Ek het nie ŉ goeie kennis daarvan nie.

MNR. JACOBS : Wat jy dan doen, jy gee sommer gevolgtrekkings hier as die feite weer. Is dit reg? -- Nee.

Kehla Mthembu het nie gesê daar was samesprekings nie, tussen die raadslede van Ratanda en die gemeenskap? -- Hy het gesê dat daar samesprekings was.

Ek verstaan jou getuienis nie. Die een oomblik dan sê jy dit is net wat jy gedink het. Die volgende oomblik dan sê jy nee, ŉ ander man het so gesê. Wat is nou die waarheid? -- Ek het gesê volgens Kehla was daar samesprekings gewees tussen die gemeenskap om ŉ beroep te doen op die raadslede dat die huur nie verhoog moet word nie en dit is wat gedoen is. Dit is hoe ek Kehla verstaan het in daardie opsig.

Is dit sy presiese woorde wat jy nou gegee het vir die Hof? -- Ja, al haal ek nou nie direk aan presies wat hy gesê het nie, maar dit was woorde tot dié effek wat hy gebruik het daar.

Wat van die ander plek Mohlakeng, het die raadslede ook daar bedank? -- Ek kan nie goed onthou nie. Wat ek wel weet van is dat hy gesê het die mense daar, die inwoners, het

bymekaar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

bymekaar gekom.

Ja, hulle het verenig, hulle het ŉ "unity" gevorm. Is dit reg? -- Ja, bymekaar te kom en vorming van die eenheid kan eintlik goeie resultate hê.

Is dit nie so nie dat hy gesê het nadat die mense verenig het, het hulle eintlik dwang uitgeoefen op die raadslede in beide gevalle om die verhoogde huur af te stel en wat ek vir ŉ feit weet dat Ratanda se raad as gevolg van die druk bedank het? -- Nee, ek stem nie saam nie. As daar druk was, sou ek die persoon gestop het, dat die persoon nie verder praat nie, want eintlik gaan ek nie saam met ŉ persoon wat druk gebruik nie.

Hoe het hy vir die vergadering daar gesê hoe moet die voorbeeld van eenheid in Ratanda en Mohlakeng toegepas word in die Vaal om ook te verseker dat die raad ôf bedank ôf dat die huur - die verhoogde huur nie in werking gestel word nie? -- Hy het nie gesê hoe dit gedoen moet word nie, maar hy het dit net genoem terwyl hy ŉ voorbeeld gemaak het van wat hy in sy toespraak gesê het.

Is dit nie so nie, dit is juis waar die verskil inkom, hy het gesê dat op die 3de September dan moet die mense in eenheid gaan na Houtkop toe en hulle probleem daar stel en dan eis dat die huur nie verhoog word nie of dat die raadslede bedank? -- Such a suggestion should have been very preposterous to move from Sharpeville to Sebokeng to Houtkop en route for people of that age, old people. Dit is nou in die eerste plek wat ek sal sê. Tweedens, ons het nooit ŉ besluit of ŉ solusie aanvaar dat ons ŉ optog sal moet neem nie.

U sal tog saamstem ŉ man met die intelligensie en

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die statuur van mnr. Mthembu, dat hy sal tog vir die vergadering daar sê kyk, ek noem vir julle hierdie voorbeeld van wat eenheid kan bring, sodat julle dit as 'n voorbeeld kan vat en julle eie situasie en iets daaromtrent kan doen? -- In antwoord daarop sal ek sê Kehla is nie 'n jeug nie, ons is ook nie jeug nie, ons is nie daar om gesê te word van Kehla wat om te doen nie. Tweedens, hy is nie daardie tipe persoon wat sommer so dinge op ander mense sal wil afdwing dat dit so gedoen moet word nie. Ons het ook resolusies gehad wat berus het op die petisie en die "court interdict".

Jy sal tog met my saamstem dat mnr. Mthembu moes en het tog vir die mense van Sharpeville daar gesê waarom of vir watter doel moet die mense van Sharpeville verenig? -- Nee, ek stem nie daarmee saam nie. Kehla was wel 'n gasspreker gewees omdat ons wou gehoor het wat hy in sy toespraak sê gedoen was volgens sy kennis en ondervinding van hierdie goed. Na dit sou ons, die mense wat hom genooi het, 'n besluit geneem het oor wat hy gesê het.

Ek wil dit aan u stel dat mnr. Mthembu het wel gesê dat Ratanda en Mohlakeng dien as voorbeelde van eenheid wat dan toegepas moet word in Sharpeville vir die opmars op die 3de dat hulle eenheid daar vertoon en opmars na Houtkop toe om te gaan aggiteer teen die verhoogde huur? -- Ek het alreeds daardie vraag geantwoord deur te sê om te voet vanaf Sharpeville te gaan na Houtkop toe, maak nie vir my sin nie. Veral as dit van bejaarde persone verwag word. Die bejaarde persone was die gehoor op ons vergaderings. Dit is eintlik nie ons bedoeling om mense te verplig nie. Mense kan net gevra word.Indien hulle nie reageer op dit wat hulle gevra

word/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

word nie, is daar niks wat gedoen kan word nie.

En ek wil dit verder aan jou stel dat mnr. Mthembu het gesê dat as die mense gearresteer word, of uit die werk uit gesit word, dan sal AZAPO verdediging verskaf vir hulle? -- Nee, dit is nie die waarheid nie. Dit is nooit gesê nie. Ons het om geen finansiële hulp gevra vanaf AZAPO nie.

Nee, hy het dit nie gevra nie, hy het dit aangebied aan die mense? -- Dit is nie die waarheid nie.

Dit is die boodskap waarvoor jy hom ook genooi het om daar 'n toespraak te gaan lewer? -- Dit is nie die waarheid nie.

En ek wil dit verder aan u stel dat op hierdie vergadering van 2 September 1984 het mnr. Mthembu nooi enigiets gepraat daar oor assuransie in die algemeen nie? -- Dit is wat hy gedoen het.

Ek het netnou vir jou gevra om vir die Hof te sê wat daar gebeur het, waaroor het hierdie vergadering gegaan, waaroor het die sprekers gehandel en jy het niks daarvan gemeld nie? -- Ek het dit genoem.

Hier in hierdie hof onder kruisondervraging vandag? -- Ja, ek het aan u genoem wie almal gepraat het en wat Kehla gesê het.

En u sê onder kruisondervraging het u vir die Hof gesê hy het gepraat van assuransie? -- Ek het gesê hier in die hof dat ek aan Kehla gesê het wat hy sal moet behandel in sy toespraak.

Dit is heeltemal iets anders. Ek praat van toe die toesprake gelewer is op die vergadering. Nie wat jy hom versoek het nie, maar die toesprake wat gelewer is op die vergadering? -- Ek het hier vir die Hof gesê waaroor

Kehla/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Kehla in sy toespraak gehandel het.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 23 JUNIE 1987.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.